RES 2

1.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING.

# DIE OMVANG VAN JEUGMISDAAD IN SUID-AFRIKA.

'N ONTLEDING VAN DIE VRAAGSTUK AAN DIE HAND VAN BESKIKBARE GEGEWENS.

J.D. VENTER

SENIOR VAKKUNDIGE BEAMPTE.

NAVORSINGSREEKS, NO. 2.

001.3072068 RES 2 NBSR

Klasnr./Class No. | Registernr./No.
001.3072068 NBSR
RES 2
36359/6
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK
LIBRARY
HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

38359

VOORWOORD.

Afgesien van indiwiduele stukke navorsingswerk oor misdaad, waarvan jeugmisdaad een faset is, is daar in Suid-Afrika nog nie stelselmatige navorsing deur 'n navorsingsliggaam onderneem nie. Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het tans 'n afdeling in die lewe geroep wat uitsluitlik met navorsing op die gebied besig is.

Wat in hierdie eerste stuk aangebied word, is 'n wetenskaplike ontleding van die omvang van jeugmisdaad in Suid-Afrika aan die hand van statistiek wat oor 'n aantal jare deur die Buro vir Sensus en Statistiek versamel is. Graag betuig ons dank en waardering aan die Direkteur en personeel van daardie Buro vir die verstrekking van die basiese syfers, wat tans verder ontleed is.

Dit het ons as 'n eerste en noodsaaklike stap voorgekom om 'n omvattende beeld van die omvang van die vraagstuk daar te stel alvorens met verdere navorsing voortgegaan word, veral daar in die na-oorlogse jare veel aandag aan die probleem hier te lande en oorsee geskenk is. So ernstig word die probleem beskou dat selfs CCTA (Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika, suid van die Sahara) waarvan die Unie 'n lid is, reeds twee konferensies oor die aangeleentheid in Afrika belê het.

Dit is daarom verblydend dat die owerheid as 'n uitvloeisel van 'n aanbeveling van die Unie se afvaardiging na die Kampala-konferensie oor jeugmisdaad goedgekeur het, dat 'n komitee aangestel word, bestaande uit verteenwoordigers van belanghebbende Departemente waarop vooraanstaande opvoedkundiges, sielkundiges en sosioloë van universiteite uitgenooi sal word om sitting te neem, en waarop die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing ook verteenwoordig sal wees en die sekretariële dienste sal lewer, om oor die misdaadvraagstuk koppe bymekaar te sit en die Buro ten opsigte van sy navorsingswerk op die gebied in 'n adviserende hoedanigheid by te staan.

Die aanstelling van hierdie komitee is 'n voorwaartse stap en die eerste poging om op gekoördineerde wyse navorsing op die gebied te bevorder en die probleem te bekamp.

Verdere navorsingswerk oor aspekte van die jeugmisdaad-vraagstuk is reeds deur die Buro onderneem en die resultaat sal mettertyd beskikbaar gestel word.

P.M. Robbertse

DIREKTEUR.

001.3072068 NBSR RES 2
*0465151*

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1977
STANDKODE RES 2 REGISTERNOMMER
001.3072068
G
36359 6

## INHOUDSOPGAWE.


| | | Bladsy. |
|---|---|---|
| HOOFSTUK I | Inleiding .............................. | 1 |
| HOOFSTUK II | Oorsig van die omvang van Blanke jeugmisdaad vir die tydperk 1923-1954 .............................. | 4 |
| HOOFSTUK III | 'n Ontleding van die omvang van jeugmisdaad in Suid-Afrika vir al vier die rasse ........................ | 8 |
| HOOFSTUK IV | Die toename van jeugmisdaad in Suid-Afrika 1945-1954 ...................... | 34 |
| HOOFSTUK V | Jeugmisdaad vir Blankes ontleed volgens ouderdomme in enkel jare ............... | 51 |
| HOOFSTUK VI | Die bydrae van sekere groepe misdaad tot die totale omvang .................. | 64 |
| HOOFSTUK VII | Samevatting ........................... | 76 |

AANHANGSEL: GRAFIEKE NRS. 1-33 (bladsye nr. I - XI)

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING

1. Doel

Die doel van hierdie ondersoek is om aan die hand van beskikbare gegewens die omvang van jeugmisdaad vir al vier die rasse nl. Blankes, Naturelle, Kleurlinge en Asiate afsonderlik vas te stel.

2. Afbakening

Die omvang en tendens van die verskynsel van jeugmisdaad in Suid-Afrika word omskryf en nie soseer verklaar nie. Ernstige, Nie-ernstige en Alle Jeugmisdaad se omvang en neiging word vir al vier die rasse in twee ouderdomsgroepe nl. Jeugdiges, 7 - 16 jaar, en Jeugdige Volwassenes, 17 - 20 jaar vir die jare 1945 - 1954 aangegee. Vir Blankes gaan die ontleding van die omvang van jeugmisdaad verder, nl., tot ouderdomme in enkel jare en vir die twee geslagte afsonderlik vanaf 1945 - 1954. Vir Alle Jeugmisdaad word die omvang van die verskynsel vir die Blanke groep 7 - 16 jaar ontleed van 1923 - 1954 terwyl dit vir die 17 - 20 jaar groep ontleed word van 1938 - 1954.

3. Metode

In hierdie ondersoek word hoofsaaklik van statistiese metodes gebruik gemaak. Die gegewens is uitsluitlik van die Buro vir Sensus en Statistiek verkry. Die gegewens vir die tydperk 1949 - 1954 kon onveranderd vir Alle Jeugmisdaad en Ernstige Jeugmisdaad gebruik word, dog vir die jare 1945 - 1949 was dit nie die geval nie aangesien 'n nuwe Kodelys, wat in 1949 in gebruik geneem is, 'n herindeling van Ernstige en Nie-Ernstige misdaad meegebring het. Gegewens vir Ernstige Jeugmisdaad vir 1945 - 1949 was dus nie vergelykbaar met jare na 1949 nie. Ten einde enigsins vergelykbare gegewens te bekom, is die ou Misdaadkodelys en die nuwe Misdaadkodelys met mekaar vergelyk om vas te stel watter misdade volgens die nuwe

2/....

Kodelys van Nie-ernstige na Ernstige oortredinge verander is, en andersom, ten einde die ou Kodelys te rekonsilieer.

Nadat hierdie korreksies aangebring is, is die gegewens vir 1945 - 1948 saamgestel.

Ten einde syfers vergelykbaar te maak, is die omvang van jeugmisdaad uitgedruk per 10,000 van bevolking in daardie bepaalde ouderdomsgroep. Alle gegewens wat die tendens van jeugmisdaad aandui, is verkry deur die omvangsyfer uit te druk as 'n persentasie van die omvang van 1947. Die keuse het op 1947 as basisjaar geval na advies van die Kommissaris van Polisie ingewin is met betrekking tot die sterkte van die Polisiemag na die Tweede Wêreldoorlog. Verder is ook sekerheid van militêre owerhede verkry dat demobilisasie teen 1947 reeds geheel afgehandel was.

Alhoewel al hierdie faktore in ag geneem is, het 1947 as basisjaar tog nog tekortkominge, want ná die abnormale daling van die omvang van jeugmisdaad gedurende die jare van die Tweede Wêreldoorlog, het jeugmisdaad meer geleidelik begin styg tot sy vooroorlogse omvang en 1947 is 'n jaar waarin jeugmisdaad nog nie sy vooroorlogse omvang bereik het nie en dus sal die styging tot 1954, ten opsigte van 1947 as basisjaar relatief groot wees.

Alhoewel die nadeel van 1947 as basis besef word, is dit nogtans die mees bruikbare jaartal aangesien geen syfer voor 1945 vir jeugmisdaad onderverdeel is in Ernstige en Nie-Ernstige Jeugmisdaad nie, en ook nie volgens geslag en ouderdom in enkel jare, of vir die vier rasse afsonderlik nie. Ten einde vergelykings op ras-, ouderdoms- en geslagsbasis te kon tref, moes van 'n na-oorlogse jaar as basis gebruik gemaak word. Hierdie jaar moes so vroeg as moontlik uit die reeks gekies word anders word die tydperk waaroor die syfers strek, te kort vir die berekening van tendense. Trouens, die doel was om die toename van jeugmisdaad ná die Tweede Wêreld-

3/....

oorlog te bepaal. Aangesien alle potensiële jeugmisdadigers wat miskien in militêre diens was, teen 1947 gedemobiliseer is en aangesien die speurdiens teen 1947 ook bevredigend beman is, is daar geen redelike beswaar teen die aanvaarding van 1947 as normatiewe jaar vir vergelykingsdoeleindes nie.

Vir soverre gegewens beskikbaar was, is daar wel ook, om vergelykings te kan tref, gewerk op 1938 as basis; dog hier lê die tekortkoming daarin dat 1938, wat Jeugdiges betref, die tweede hoogste misdaadsyfer toon in die tydperk 1923 tot 1954. Die geskiktheid van hierdie jaar as basis waarmee alle ander jare vergelyk moet word, kan dus nie sonder meer as die beste beskou word nie. Soos reeds ook op gewys, is slegs beperkte gegewens vir 1938 beskikbaar en beslis niks ten opsigte van die drie nie-blanke rasse se jeugmisdaad nie.

4. Begripsbepaling

In hierdie verslag dui

(a) Jeugdige op alle persone tussen die ouderdomme 7 jaar en 16 jaar,

(b) Jeugdige Volwassene op alle persone in die ouderdomsgroep 17 tot 20 jaar,

(c) Ernstige, Nie-Ernstige en Alle Misdaad op begrippe wat 'n Kommissie wat die ou Kodelys in 1949 hersien het, daaraan geheg het en wat ook deur die Buro vir Sensus en Statistiek aanvaar en in sy tabelle toegepas is.

(d) Blanke, Naturel, Kleurling en Asiaat op etniese groepe en daarom met hoofletters geskryf, om dieselfde rede word woorde soos Blankedogter, Blankeseun, ens. nie los van mekaar geskryf nie.

4/....

## HOOFSTUK II.

### OORSIG VAN DIE OMVANG VAN BLANKE JEUGMISDAAD VIR DIE TYDPERK 1923 - 1954.

Statistiese gegewens oor Blanke Jeugmisdaad kan vir Jeugdiges verkry word so ver terug as 1923 terwyl dit vir Jeugdige Volwassenes beskikbaar is vanaf 1938. Vir albei ouderdomsgroepe beskik ons dus oor gegewens vir jare voor, tydens en na die Tweede Wêreldoorlog. Die gegewens onder bespreking vir Jeugdiges en Jeugdige Volwassenes verskyn in Tabelle 1 en 2 onderskeidelik en is uitgedruk per 10,000 van die betrokke bevolkingsgroepe.

Van Figuur 1 blyk dit dat jeugmisdaad by Blanke Jeugdiges vanaf 1923 geleidelik styg, met hier en daar 'n tydelike daling, en wel vanaf 27.0 per 10,000 van bevolking tot 51.8 per 10,000 in 1936. Dit beteken dus 'n toename van 24.8 per 10,000 van die bevolkingsgroep of 'n styging van 91.9% op 1923. Die bevolkingstoename speel hier nie 'n rol nie, aangesien die misdaadsyfer as 'n verhouding uitgedruk word.

Vanaf 1936 word 'n skerp daling gevind vanaf 51.8 per 10,000 tot 25.5 per 10,000 in 1946 wat tegelykertyd 'n laagtepunt vorm vir die hele tydperk van 32 jaar tussen 1923 en 1954. Na hierdie laagtepunt van 25.5 per 10,000 in 1946 word weer 'n geleidelike styging waargeneem tot 41.4 per 10,000 van die bevolkingsgroep in 1953 om in 1954 weer effens te daal tot 40.1 per 10,000 wat nog 'n styging van 48.5% op 1923 beteken.

Oor die geheel geneem, is die hoogtepunt wat jeugmisdaad in 1936 onder Jeugdiges bereik het, nog nie weer bereik nie. Die omvang van jeugmisdaad in 1954 lê nog 11.7 per 10,000 laer as die kerf wat reeds in 1936 bereik is.

'n Verdere opvallende verskynsel is dat die tydperk van daling van die misdaadsyfer nie presies saamval met die oorlogsjare waarin so 'n „daling" verwag kan word as gevolg van

verdeelde aandag van die owerheid en die feit dat die polisiemag nie op sterkte was nie (Tabel 1). Die daling het in hierdie geval reeds drie jaar voor die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, begin. Voorts word tussen 1940 en 1941 selfs 'n styging aangetref tot 'n peil wat selfs nie in na-oorlogse jare weer bereik is nie. Die daling gaan ook na die oorlog voort tot in 1946 toe die laagste peil van 25.5 per 10,000 bereik is.

Tabel 1.

Omvang van Misdaad by Blanke Jeugdiges, 7-16 jaar vir die Jare 1923 - 1954.

| Jaar | Misdaad | Bevolking | Misdaad per 10,000 bevolking |
|---|---|---|---|
| 1923 | 1007 | 372,764 | 27.0 |
| 1924 | 1054 | 375,095 | 28.1 |
| 1925 | 1082 | 377,426 | 28.7 |
| 1926 | 1308 | 379,603 | 34.5 |
| 1927 | 1489 | 381,032 | 39.1 |
| 1928 | 1371 | 382,461 | 35.9 |
| 1929 | 1483 | 383,890 | 38.6 |
| 1930 | 1515 | 385,319 | 39.3 |
| 1931 | 1491 | 387,138 | 38.5 |
| 1932 | 1565 | 390,905 | 40.0 |
| 1933 | 1633 | 394,672 | 41.4 |
| 1934 | 1825 | 398,439 | 45.8 |
| 1935 | 1832 | 402,206 | 45.6 |
| 1936 | 2105 | 406,036 | 51.8 |
| 1937 | 1999 | 410,911 | 48.6 |
| 1938 | 2049 | 414,561 | 49.4 |
| 1939 | 1895 | 415,309 | 45.6 |
| 1940 | 1821 | 416,185 | 43.8 |
| 1941 | 1939 | 418,271 | 46.4 |
| 1942 | 1530 | 420,131 | 36.4 |
| 1943 | 1434 | 423,280 | 33.9 |
| 1944 | 1413 | 427,573 | 33.1 |
| 1945 | 1330 | 431,000 | 30.9 |
| 1946 | 1130 | 444,000 | 25.5 |
| 1947 | 1376 | 453,000 | 30.4 |
| 1948 | 1491 | 462,000 | 32.3 |
| 1949 | 1526 | 476,000 | 32.1 |
| 1950 | 1767 | 486,300 | 36.3 |
| 1951 | 1964 | 496,600 | 39.6 |
| 1952 | 2082 | 506,900 | 41.1 |
| 1953 | 2142 | 517,300 | 41.4 |
| 1954 | 2163 | 539,000 | 40.1 |

Tabel 2.

Omvang van Misdaad by Blanke Jeugdige Volwassenes, 17-20 jaar vir die Jare 1938 - 1954.

| Jaar | Misdaad | Bevolking | Misdaad per 10,000 bevolking |
|---|---|---|---|
| 1938 | 6564 | 155,867 | 421.1 |
| 1939 | 5567 | 158,747 | 350.7 |
| 1940 | 5161 | 159,979 | 322.6 |
| 1941 | 4579 | 159,051 | 287.9 |
| 1942 | 4053 | 158,414 | 255.8 |
| 1943 | 3942 | 158,417 | 248.8 |
| 1944 | 4009 | 159,537 | 251.3 |
| 1945 | 4151 | 162,000 | 256.2 |
| 1946 | 4585 | 165,000 | 277.9 |
| 1947 | 5421 | 168,000 | 322.7 |
| 1948 | 6118 | 171,000 | 357.8 |
| 1949 | 6467 | 170,300 | 379.7 |
| 1950 | 6805 | 168,300 | 404.3 |
| 1951 | 7183 | 169,400 | 424.0 |
| 1952 | 7607 | 170,400 | 446.4 |
| 1953 | 8294 | 171,400 | 483.9 |
| 1954 | 8233 | 176,700 | 465.9 |

Die feit dat die daling in omvang van jeugmisdaad nie presies ooreenstem met die oorlogsjare nie, kan toegeskryf word aan die feit dat 'n maatskaplike verandering nie onmiddellik 'n reaksie meebring nie. Hieraan kan ook die daling van die jeugmisdaadsyfer by Jeugdiges tot 'n jaar na die vredesluiting toegeskryf word.

Die gegewens van Tabel 2 wat in Figuur 2 ook grafies voorgestel word, bevat gegewens met betrekking tot die omvang van misdaad vir Blanke Jeugdige Volwassenes vir die jare 1938 - 1954. In ooreenstemming met Tabel 1 vind ons hier ook 'n skerp daling nl. vanaf 421.1 per 10,000 van die betrokke bevolkingsgroep in 1938 ('n daling wat reeds begin voordat die Tweede Wêreldoorlog 'n aanvang neem) tot 248.8 in 1943. In teenstelling met die gegewens vir Jeugdiges word hier reeds voor die afloop van die oorlog 'n ommekeer aangetref. Alreeds in 1943 begin die styging wat baie reëlmatig plaasvind. Die omvang van jeugmisdaad styg tot 483.9 per 10,000 in 1953 en daal tot 465.9 per 10,000 in 1954.

In teenstelling met die omvang by die Jeugdiges bereik die omvang van misdaad by Jeugdige Volwassenes wel die vooroorlogse kerf teen 1951 en daarna styg dit totdat dit in 1953 op 483.9 per 10,000, en 1954 op 465.9 per 10,000 te staan gekom het teenoor die omvang van 421.1 per 10,000 van 1938 d.w.s. daar is 'n styging sedert 1938.

<u>Samevatting.</u>

(a) <u>Jeugdiges</u>

(i) Na die reëlmatige daling in omvang van jeugmisdaad by Jeugdiges wat oor 'n tydperk van 10 jaar strek (en wat gedeeltelik met die Tweede Wêreldoorlog saamval) het die jeugmisdaadinsidensie weer begin styg, maar die syfer vir 1954 lê nog onder die syfer vir 1936.

(ii) Word 1923, die vroegste datum waarop gegewens vir jeugmisdaad beskikbaar is, as basis geneem,

7/....

vind ons by Jeugdiges in 1954 'n styging van 48.5%.

(iii) In die vooroorlogse jare het jeugmisdaad by hierdie groep hoogtes bereik bv. 1936 wat nog nie oortref of geëwenaar is na die oorlog nie. Met 1923 as basis toon die insidensie in 1936 'n styging van byna 92%.

(b) Jeugdige Volwassenes

(i) Na 'n daling tussen die jare 1938 tot 1943, wat nie presies met die oorlogsjare saamval nie, het jeugmisdaad ook by hierdie groep weer begin styg.

(ii) Na die oorlog het die styging nie slegs die vooroorlogse peil bereik nie, maar dit oorskry. Dit is hoër as wat dit in 1938 was.

(iii) Die vooroorlogse peil is reeds in 1951 oorskry.

## H O O F S T U K III.

## 'N ONTLEDING VAN DIE OMVANG VAN JEUGMISDAAD IN SUID-AFRIKA VIR AL VIER DIE RASSE.

### I. Jeugmisdaad volgens ras.

#### (i) Alle Misdaad by Jeugdiges (7 - 16 jaar)

Gegewens oor die misdaad van die 7 - 16 jaar groep op 'n rasbasis is saamgevat in Tabel 3 en word in Figuur 3 grafies voorgestel. Van die grafiese voorstellings blyk dit dat die kriminaliteit by die Blanke Jeugdiges die laagste is, gevolg deur die Asiate, Naturelle en dan die Kleurlinge. Waar die misdaadomvang by die Blankes tussen 1945 en 1954 wissel tussen 31 en 40 per 10,000 van die betrokke bevolkingsgroep wissel die Asiate van 48 tot 51, die Naturelle van 73 tot 90 en die Kleurlinge van 120 tot 194 per 10,000.

Opvallend is die feit dat Alle misdaad by die Jeugdige groep in 1954 by die Naturelle meer as twee keer so hoog, en by die Kleurlinge byna 5 keer so hoog as by die Blankes was. Voorts is dit duidelik volgens Figuur 3 dat daar 'n styging by al vier die rasse vanaf 1949 aanwesig is, dog by die Kleurlinge is hierdie styging ongetwyfeld die grootste: vanaf 138 na 183 per 10,000 in 1950, terwyl dit by die Blankes slegs van 32 na 36, by die Naturelle vanaf 74 tot 83 en by die Asiate vanaf 51 tot 56 per 10,000 gestyg het. (Die insidensie word in hierdie en daaropvolgende paragrawe gerieflikheidshalwe tot die naaste heel getal gegee).

Tabel 3.

Misdaad by Jeugdiges, per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 30.9 | 72.9 | 119.5 | 48.2 |
| 1946 | 25.5 | 72.0 | 141.5 | 53.5 |
| 1947 | 30.4 | 74.1 | 145.9 | 47.9 |
| 1948 | 32.3 | 70.5 | 139.6 | 47.4 |
| 1949 | 32.1 | 74.2 | 137.6 | 50.6 |
| 1950 | 36.3 | 82.8 | 183.1 | 56.2 |
| 1951 | 39.6 | 83.2 | 186.9 | 52.8 |
| 1952 | 41.1 | 84.0 | 193.8 | 57.4 |
| 1953 | 41.4 | 82.1 | 203.2 | 48.7 |
| 1954 | 40.1 | 89.7 | 194.0 | 50.8 |

(ii) Alle Misdaad by Jeugdige Volwassenes (17 - 20 jaar).

In Tabel 4 en Figuur 4 is die gegewens met betrekking tot misdaad by Jeugdige Volwassenes op 'n rasbasis uiteengesit. By hierdie ouderdomsgroep, net soos by die Jeugdiges, is die kriminaliteit die hoogste by die Kleurlinge, gevolg deur die Naturelle en Asiate en laastens die Blankes.

Blykens Tabel 4 is daar groter verskille in insidensie tussen die rassegroepe by die Jeugdige Volwassenes as wat die geval is by die Jeugdiges. In die groep onder bespreking is die jeugmisdaad by die Kleurlinge meer as drie maal so hoog, by die Naturelle meer as twee keer so hoog en by die Asiate anderhalf maal so hoog as by die Blankes. In hierdie groep lê die omvang van jeugmisdaad by die Kleurlinge en Blankes dus nader aan mekaar as by die vorige ouderdomsgroep.

10/....

Tabel 4.

Misdaad by Jeugdige Volwassenes, per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 256.2 | 719.1 | 1044.6 | 589.3 |
| 1946 | 277.9 | 766.0 | 1212.2 | 721.3 |
| 1947 | 322.7 | 822.4 | 1244.4 | 742.2 |
| 1948 | 357.8 | 856.0 | 1282.1 | 673.7 |
| 1949 | 379.7 | 933.6 | 1381.1 | 627.7 |
| 1950 | 404.3 | 936.7 | 1596.2 | 678.9 |
| 1951 | 424.0 | 945.9 | 1630.4 | 688.7 |
| 1952 | 446.4 | 986.5 | 1515.3 | 605.1 |
| 1953 | 483.9 | 1042.8 | 1728.2 | 654.5 |
| 1954 | 465.9 | 1170.1 | 1423.9 | 693.3 |

(iii) Ernstige Misdaad by Jeugdiges (7 - 16 jaar)

Wat die vergelyking op 'n rasbasis betref, verander die prentjie as die omvang van Ernstige Jeugmisdaad bestudeer word. Soos die geval was by Alle Jeugmisdaad, is jeugmisdaad deur die Kleurlinge hier ook die hoogste (Tabel 5 en Figuur 5) en varieer die insidensie vir die 10 jaar tussen 1945 en 1954 van 27 tot 45 per 10,000 van bevolking.

Tabel 5.

Ernstige Misdaad by Jeugdiges, per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 5.8 | 14.2 | 27.4 | 6.1 |
| 1946 | 6.8 | 13.7 | 38.7 | 6.5 |
| 1947 | 7.7 | 14.0 | 37.6 | 6.4 |
| 1948 | 9.3 | 13.6 | 31.1 | 7.6 |
| 1949 | 8.9 | 15.0 | 33.7 | 7.8 |
| 1950 | 11.3 | 16.3 | 41.4 | 7.7 |
| 1951 | 10.4 | 17.0 | 45.7 | 4.7 |
| 1952 | 13.0 | 17.5 | 50.9 | 6.4 |
| 1953 | 12.4 | 16.4 | 52.5 | 6.5 |
| 1954 | 10.9 | 17.7 | 44.8 | 6.5 |

Tweede is weer die Naturelle met 'n insidensie tussen 14 en 18 per 10,000 en derde op die lys is die Blankes in plaas van die Asiate soos in die vorige geval. In 1945 is die insidensie by die Asiate egter nog hoër as by die Blankes dog daarna bly die Asiate oor die hele tydperk min of meer op die peil van 6 per 10,000 terwyl die Blanke Jeugdiges se misdaadinsidensie opskiet na 13 per 10,000 van die bevolkingsgroep in 1952 om in 1954 weer te daal tot 11 per 10,000.

(iv) Ernstige Misdaad by Jeugdige Volwassenes (17 - 20 jaar).

Soortgelyke toestande word weerspieël deur Tabel 6 en die ooreenstemmende grafieke, Figuur 6. Ook hier vertoon die Kleurlinge die hoogste insidensie en wel byna drie maal so hoog as die Asiate. Soos by die vorige ouderdomsgroep, is die Blankes ook hier nie meer die ras met die laagste insidensie nie, want reeds in 1948 word Asiate verbygesteek om dan weer in 1949 'n geringer omvang te vertoon; dog in 1954 is die omvang van misdaad by Blanke Jeugdige Volwassenes 30 per 10,000 hoër as by die Asiate.

Tabel 6.

Ernstige Misdaad by Jeugdige Volwassenes per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 43.3 | 75.9 | 173.2 | 50.6 |
| 1946 | 53.0 | 75.1 | 197.4 | 62.9 |
| 1947 | 62.3 | 83.3 | 196.6 | 70.3 |
| 1948 | 69.8 | 83.5 | 213.8 | 66.8 |
| 1949 | 76.5 | 89.0 | 242.2 | 78.2 |
| 1950 | 81.9 | 94.0 | 288.9 | 73.7 |
| 1951 | 82.1 | 96.8 | 290.2 | 73.7 |
| 1952 | 84.6 | 96.1 | 300.1 | 63.2 |
| 1953 | 88.8 | 104.9 | 291.6 | 62.7 |
| 1954 | 87.7 | 112.1 | 311.3 | 57.9 |

12/....

Opvallend by hierdie groep is die skielike styging wat die Kleurlinge vertoon vanaf 1947 tot 1950 nl. 92 per 10,000 d.w.s. 'n styging van 46.9% op die insidensie van 1947. Hierteenoor vertoon die Asiate, veral vanaf 1949, 'n duidelike dalende neiging. Terwyl die Blankes se misdaad tot 1950 skerp en daarna baie geleidelik styg, lê die Naturelle se skerp styging eerder na 1952.

(v) Nie-ernstige Misdaad by Jeugdiges (7 - 16 jaar)

Die feit dat die jeugmisdaad syfers in Tabel 3 vir Alle Jeugmisdaad by die Blanke Jeugdiges laer is as die by die ander rasse, kan volgens tabel 5 en 7 moontlik toegeskryf word aan die lae insidensie van Nie-Ernstige Misdaad by Blanke Jeugdiges, en nie aan 'n lae voorkomssyfer van Ernstige Jeugmisdaad nie.

Tabel 7.

Nie-Ernstige Misdaad by Jeugdiges per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 25.0 | 58.7 | 92.1 | 42.1 |
| 1946 | 18.7 | 58.3 | 102.9 | 47.0 |
| 1947 | 22.7 | 60.1 | 108.3 | 41.5 |
| 1948 | 23.0 | 56.9 | 108.5 | 39.9 |
| 1949 | 23.2 | 59.1 | 103.8 | 42.8 |
| 1950 | 25.0 | 66.5 | 141.6 | 48.5 |
| 1951 | 29.2 | 66.2 | 141.2 | 48.0 |
| 1952 | 28.1 | 66.6 | 142.9 | 51.1 |
| 1953 | 29.0 | 65.7 | 150.7 | 42.2 |
| 1954 | 29.3 | 71.9 | 149.3 | 44.4 |

(vi) Nie-Ernstige Misdaad by Jeugdige Volwassenes (17 - 20 jaar).

Die algemene neigings wat deur Tabel 7 weerspieël word, word ook weer terug gevind in Tabel 8. Opvallend by die Nie-Ernstige Jeugmisdaad is die

13/....

mate waarin die Blanke groep oortref word. By die Asiate, waar die insidensie gewoonlik nie veel van die Blankes s'n verskil nie, is daar in die jare 1945 tot 1954 'n insidensie wat 1½ tot 3 maal so hoog is as by die Blankes.

Tabel 8.

Nie-Ernstige Misdaad by Jeugdige Volwassenes per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 213.0 | 643.2 | 871.4 | 538.6 |
| 1946 | 224.9 | 690.9 | 1014.7 | 658.3 |
| 1947 | 260.4 | 739.2 | 1047.8 | 671.9 |
| 1948 | 288.0 | 772.5 | 1068.4 | 606.9 |
| 1949 | 303.3 | 844.5 | 1138.9 | 549.4 |
| 1950 | 322.5 | 842.7 | 1307.2 | 605.3 |
| 1951 | 341.9 | 849.1 | 1340.2 | 615.0 |
| 1952 | 361.8 | 890.5 | 1215.2 | 541.9 |
| 1953 | 395.1 | 837.9 | 1436.7 | 591.8 |
| 1954 | 378.2 | 1057.9 | 1112.6 | 635.4 |

Volgens Tabel 6 was die omvang van Ernstige Jeugmisdaad in 1954 by die Asiate baie laer as by die Blanke Jeugdige Volwassenes, terwyl Nie-Ernstige Jeugmisdaad by die Asiate vir dieselfde jaar twee keer so hoog was as by die Blankes.

Tabel 5, 6, 7 en 8 dui dus daarop dat die Blankes meer tot die ernstige vorme en minder tot die minder ernstige vorme van jeugmisdaad geneig is as wat die geval by die Asiate is.

(vii) Ernstige misdaad uitgesonder oortreding 087 by Jeugdige Volwassenes.

Tabel 9 bevat gegewens vir Ernstige Misdaad vir Jeugdige Volwassenes vir al vier rasse uitgesonderd die veroordeling op een bepaalde oortreding nl. om 'n Motorvoertuig Sonder 'n Rybewys of Bestuur-

derslisensie te Bestuur. (Oortreding 087 volgens die Kodelys). Word die veroordelings op grond van hierdie soort wangedrag afgesonder van die res van Ernstige Jeugmisdaad, tree 'n paar verskynsels baie sterk op die voorgrond soos blyk uit Figuur 9 en Tabelle 9 en 12.

Tabel 9.

Ernstige Misdaad uitgesonderd Motorbestuur sonder Rybewys, vir Jeugdige Volwassenes, per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 24.7 | 75.4 | 170.8 | 42.9 |
| 1946 | 29.0 | 74.7 | 194.7 | 48.3 |
| 1947 | 34.6 | 82.5 | 192.9 | 55.8 |
| 1948 | 35.5 | 82.5 | 208.5 | 45.9 |
| 1949 | 37.2 | 87.4 | 235.3 | 49.8 |
| 1950 | 44.0 | 92.4 | 280.9 | 46.3 |
| 1951 | 38.3 | 95.1 | 282.1 | 46.3 |
| 1952 | 43.5 | 94.0 | 293.9 | 44.1 |
| 1953 | 43.8 | 102.6 | 285.1 | 42.7 |
| 1954 | 44.1 | 109.7 | 303.6 | 42.3 |

1. Waar die omvang van Ernstige Misdaad by Blanke Jeugdige Volwassenes hoër gelê het as by die Asiate in 1948 en vanaf 1950 (vgl. Figuur 6) skuif dit, nadat oortreding 087 uitgeneem is (Fig. 9), tot die laagste van al vier die rasse behalwe vir 1953 en 1954.

2. Uit Tabel 10 blyk dit dat die veroordelings op grond van die Rybewyswet ongeveer vir net so 'n deel van die omvang van Ernstige Misdaad by Jeugdige Volwassenes verantwoordelik is, as al die ander vorme van Ernstige Jeugmisdaad tesame. So bv. het die ootreding van die Wet op Rybewyse in 1954 'n bydrae gelewer van 49.7% tot all ernstige misdaad deur Blanke Jeugdige

15/....

Volwassenes, terwyl alle ander ernstige misdaad tesame verantwoordelik was vir die oorblywende 50.3%. In 1953 speel hierdie bepaalde oortreding by Jeugdige Volwasse Blankes nog 'n groter rol nl. deur 'n bydrae van 50.7% tot alle Ernstige Jeugmisdaad terwyl alle ander ernstige oortredinge tesame op 49.3% te staan gekom het.

Tabel 10.

Ernstige Misdaad uitgesonderd 087 en 087 alleen, vir Blanke Jeugdige Volwassenes, per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | 087 per 10,000 van bevolkingsgroep | Ernstige jeugmisdaad per 10,000 van bevolkingsgroep 087 uitgesonder. |
|---|---|---|
| 1945 | 18.6 | 24.7 |
| 1946 | 23.9 | 29.0 |
| 1947 | 27.7 | 34.6 |
| 1948 | 34.3 | 35.5 |
| 1949 | 39.2 | 37.2 |
| 1950 | 37.8 | 44.0 |
| 1951 | 43.8 | 38.3 |
| 1952 | 41.1 | 43.5 |
| 1953 | 45.0 | 43.8 |
| 1954 | 43.6 | 44.1 |

Uit Tabel 10 is af te lei dat die veroordelings vanweë die oortreding van Rybewyswetgewing vir ongeveer 50% van alle ernstige oortredinge verantwoordelik is by Blanke Jeugdige Volwassenes.

3. Ook by die Asiate speel die veroordeling weens oortreding van Rybewyswetgewing 'n belangrike

rol soos dit blyk uit Figuur 9 en Tabel 11. In 1954 het die oortreding 087, 27% bygedra en alle ander ernstige oortredinge 73% van die totale omvang van Ernstige Jeugmisdaad by Asiate Jeugdige Volwassenes. In 1949 het die oortreding 087 selfs 36.3% van alle Ernstige Misdaad by Jeugdige Volwasse Asiate gevorm.

Tabel 11.

Ernstige Misdaad, uitgesonderd 087 en 087 alleen, vir Asiate Jeugdige Volwassenes per 10,000 van die Bevolkingsgroep vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | 087 per 10,000 van bevolking | Ernstige jeugmisdaad per 10,000 van bevolking 087 uitgesonder |
|---|---|---|
| 1945 | 7.7 | 42.9 |
| 1946 | 14.6 | 48.3 |
| 1947 | 14.5 | 55.8 |
| 1948 | 20.9 | 45.9 |
| 1949 | 28.4 | 49.8 |
| 1950 | 27.4 | 46.3 |
| 1951 | 27.3 | 46.3 |
| 1952 | 19.1 | 44.1 |
| 1953 | 20.0 | 42.7 |
| 1954 | 15.7 | 42.3 |

4. By die Kleurlinge sowel as by die Naturelle, blykens Figuur 9, het die oortreding 087 'n baie geringe rol gespeel en het dit geen noemenswaardige uitwerking as dit weggeneem word van die totaal van Ernstige Jeugmisdaad nie. By die Kleurlinge was die bydrae van 087 in 1954 slegs 2.5% en by die Naturelle 2.2% van die totaal van Ernstige Jeugmisdaad.

Tabel 12.

Ernstige Misdaad uitgesonderd Motorbestuur sonder Rybewys vir Jeugdiges, per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 4.2 | 14.1 | 27.4 | 5.4 |
| 1946 | 4.4 | 13.7 | 38.6 | 6.0 |
| 1947 | 4.9 | 14.0 | 37.6 | 5.6 |
| 1948 | 5.0 | 13.6 | 30.9 | 5.7 |
| 1949 | 4.5 | 14.9 | 33.4 | 5.6 |
| 1950 | 6.6 | 16.2 | 41.0 | 7.1 |
| 1951 | 5.6 | 16.9 | 45.4 | 3.7 |
| 1952 | 7.6 | 17.4 | 50.6 | 5.5 |
| 1953 | 7.2 | 16.3 | 52.3 | 5.5 |
| 1954 | 6.2 | 17.6 | 44.3 | 5.5 |

(viii) Ernstige Jeugmisdaad uitgesonderd 087 by Jeugdiges 7 - 16 jaar.

Ook by Jeugdiges speel oortreding 087 'n besondere rol en weereens is dit die Blankes wat die grootste deelname daaraan het. Uit Tabelle 5 en 12 en Figuur 10 kan die volgende afleidings gemaak word:

1. Die omvang van Ernstige Misdaad by Blankes vir die ouderdomsgroep 7 - 16 jaar is hoër as wat dit die geval by die Asiate is, dog word die ootreding 087 afgesonder vir albei rasse, vertoon die Blankes tot by 1950 'n kleiner syfer in die oorblywende Ernstige Jeugmisdaad, waarna dit weer hoër word as wat dit die geval by die Asiate is. Die konklusie lyk nie ongegrond nie, dat die hoër insidensie van Ernstige Misdaad by Blanke Jeugdiges in vergelyking met Asiate, hoofsaaklik aan die groter insidensie van die Rybewysoortredinge toegeskryf kan word. Weereens

18/....

bring dit die omvang van Ernstige Misdaad by Blankes tot die laagste van al vier rasse tot in die jaar 1950. In 1954 het die oortreding van Rybewyswetgewing ± 43% bedra en al die ander oortredinge ± 57% van alle Ernstige Misdaad by die Blanke 7 - 16 jaar groep. In 1953 was die syfers ± 42% en 58% respektiewelik.

2. Soos by die Blanke Jeugdige groep, speel oortreding 087 by die Asiate Jeugdiges 'n noemenswaardige rol, dog geringer as by die Blankes. In 1954 was die persentasie-verhouding as volg: 087 ongeveer 16% en alle ander Ernstige Jeugmisdaad, ongeveer 84%. (Tabelle 5 en 12).

3. Die rol van hierdie oortreding, as gevolg van faktore wat later bespreek sal word, het by die Kleurlinge en Naturelle geen noemenswaardige invloed nie soos duidelik blyk uit Figuur 10.

(ix) Samevatting.

Die bevindinge in bogenoemde afdeling kan as volg saamgevat word: Word Ernstige sowel as Nie-Ernstige Misdaad vir Jeugdiges en Jeugdige Volwassenes op 'n rasbasis met mekaar vergelyk, blyk dit dat die hoogste insidensie altyd by die Kleurlinge voorkom. Daarna volg die Naturelle en dan òf die Asiate òf die Blankes. Behalwe vir een uitsondering, nl. Ernstige Jeugmisdaad vir sowel Jeugdiges as Jeugdige Volwassenes, is die Misdaadomvang by Blankes altyd die laagste van alle rasse. Die reedsgenoemde uitsondering by Ernstige Jeugmisdaad kan hoofsaaklik toegeskryf word daaraan dat die Blanke Jeugdige relatief meer weens die oortreding

van Rybewyswetgewing skuldig bevind word (Misdaadkodelys no. 087) wat sosiologies gesproke, eintlik nie as 'n Ernstige Misdaad beskou kan word nie.

II. Jeugmisdaad volgens aard van oortreding.

Die indeling wat in die tabelle van die Buro vir Sensus en Statistiek aangetref word, maak voorsiening vir Ernstige Jeugmisdaad en Alle Jeugmisdaad. Syfers vir Nie-Ernstige Jeugmisdaad kon dus bereken word. Hierdie onderskeiding tussen ernstige en nie-ernstige misdaad berus op die indeling wat gemaak word in die „Kodelys van Misdade en Oortredings", waarvan daar 'n uitgawe in 1929 verskyn het. Dit is in 1949 hersien.

Met die sosiologiese gegrondheid van hierdie indeling kan die ondersoeker hom nie in hierdie ondersoek inlaat nie want hy is deur praktiese oorwegings verplig tot die gebruik van die gegewens wat verskyn in die tabelle van die Buro vir Sensus en Statistiek. Die onderskeiding in ernstige en nie-ernstige in hierdie ondersoek berus dus uitsluitlik op die indeling van die Kodelys.

(a) Jeugdiges en Jeugdige Volwassenes volgens die aard van oortreding.

Die gegewens vir Jeugdige Volwassenes vir al vier rasse verskyn in Tabelle 13a en 13b. Die volgende algemene afleidings kan gemaak word:

Tabel 13a.

Die Gemiddelde Insidensie van Misdaad vir die 10 jaar 1945-1954 by Jeugdiges volgens aard van Oortreding uitgedruk as 'n Persentasie van Alle Jeugmisdaad.

| Aard van Oortreding | Die omvang van Ernstige en Nie-Ernstige Jeugmisdaad as 'n persentasie van die totaal | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
| Alle Jeugmisdaad | 100 | 100 | 100 | 100 |
| Ernstige Jeugmisdaad ....... | 27.7 | 19.8 | 24.6 | 12.9 |
| Nie-Ernstige Jeugmisdaad ... | 72.3 | 80.2 | 75.5 | 87.1 |

20/....

Tabel 13b.

Die Gemiddelde Insidensie van Misdaad vir die 10 Jaar 1945 - 1954 by Jeugdige Volwassenes (volgens aard van oortreding) Uitgedruk as 'n Persentasie van Alle Jeugmisdaad.

| Aard van Oortreding | Omvang uitgedruk as 'n persentasie van Alle Jeugmisdaad | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate |
| Alle Jeugmisdaad | 100 | 100 | 100 | 100 |
| Ernstige Jeugmisdaad ....... | 19.1 | 9.9 | 17.9 | 9.9 |
| Nie-Ernstige Jeugmisdaad ... | 80.9 | 90.1 | 82.1 | 90.1 |

(i) By al vier rasse is dit onmiskenbaar dat Ernstige Jeugmisdaad die geringer deel tot Alle Jeugmisdaad bydra. Die hoogste persentasie wat verkry is vir Ernstige Jeugmisdaad is nog minder as een-derde van Alle Jeugmisdaad.

(ii) Deurgaans, by al vier rasse, is die posisie by die Jeugdige Volwassenes gunstiger as by die Jeugdiges. By die Jeugdige Volwassenes varieer die bydrae van Ernstige Jeugmisdaad tot Alle Jeugmisdaad tussen ongeveer 10% en 19% terwyl dit by die Jeugdiges gaan van ongeveer 13% tot 28%.

(iii) Wat die verskillende rasse betref, skyn die Blankes die ongunstigste beeld te toon deurdat die grootste persentasie van Ernstige Jeugmisdaad by hulle aangetref word. Tweede volg die Kleurlinge, dan die Naturelle en laastens die Asiate. Behalwe vir 'n geringe uitsondering by die twee laaste rasse in die geval van Jeugdige Volwassenes, kom hierdie verskynsel by albei ouderdomsgroepe voor. Hierdie vorm van vergelyking verdien voorbehoud. In Hoofstuk 3 (vii) is daar verwys na die groot

omvang wat die oortreding van die Rybewyswetgewing by sowel Blanke Jeugdiges as Blanke Jeugdige Volwassenes aanneem. Daar is ook in Figure 9 en 10 gewys op die geringe rol wat hierdie oortreding by die nie-blanke rasse speel. Hierdie oortreding, met kodenommer 087, is in die „Kodelys van Misdade en Oortredinge" as ernstig geklassifiseer. Die verskynsel dat die persentasie van Ernstige Misdaad by die Blanke Jeugoortreder groter is as by die ander rasse, kan hieraan toegeskryf word, veral as onthou word dat hierdie oortreding by byna 50% van alle ernstige oortredinge by Blanke Jeugdige Volwassenes aanwesig is.

Die bewys hiervoor word gevind in Tabel 14. Die uitwerking van die oortreding 087 is hier baie duidelik op te merk. Word 087 by Nie-Ernstige Jeugmisdaad gevoeg, kom die persentasies veel meer ooreen met die gegewens vir nie-Blankes soos vervat in Tabelle 13a en 13b.

Tabel 14.

Gemiddelde Insidensie oor 10 Jaar (1945-1954) van Misdaad by Blanke Jeugdiges Uitgedruk as Persentasies van Totaal.

| Aard van oortreding | Gemiddelde insidensie oor 10 jaar 1945-1954 uitgedruk as persentasie van Alle Jeugmisdaad |
|---|---|
| Ernstige Jeugmisdaad uitgesonder 087 ........ | 16.1 |
| Nie-Ernstige Jeugmisdaad | 72.3 |
| Oortreding 087 alleen .. | 11.6 |
| Alle Jeugmisdaad ....... | 100.0 |

22/....

Tabel 15a.

Jeugdiges, Alle Misdaad, Ernstige en Nie-Ernstige Misdaad vir die Jare 1945 - 1954.

Tabel 16a.

Jeugdige Volwassenes, Alle Misdaad, Ernstige en Nie-Ernstige Misdaad vir die Jare 1945 - 1954.

B L A N K E S

| Jaartal | Totale | Ernstige Jeugmisdaad: Alle Ernstige | Ernstige Jeugmisdaad: 087 | Nie-ernstig | Jaartal | Totale | Ernstige Jeugmisdaad: Alle Ernstige | Ernstige Jeugmisdaad: 087 | Nie-ernstige |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 30.9 | 5.8 | 1.6 | 25.0 | 1945 | 256.2 | 43.3 | 18.6 | 213.0 |
| 1946 | 25.5 | 6.8 | 2.4 | 18.7 | 1946 | 277.9 | 53.0 | 23.9 | 224.9 |
| 1947 | 30.4 | 7.7 | 2.7 | 22.7 | 1947 | 322.7 | 62.3 | 27.7 | 260.4 |
| 1948 | 32.3 | 9.3 | 4.2 | 23.0 | 1948 | 357.8 | 69.8 | 34.3 | 288.0 |
| 1949 | 32.1 | 8.9 | 4.3 | 23.2 | 1949 | 379.7 | 76.5 | 39.2 | 303.3 |
| 1950 | 36.3 | 11.3 | 4.7 | 25.0 | 1950 | 404.3 | 81.9 | 37.8 | 322.5 |
| 1951 | 39.6 | 10.4 | 4.7 | 29.2 | 1951 | 424.0 | 82.1 | 43.8 | 341.9 |
| 1952 | 41.1 | 13.0 | 5.4 | 28.1 | 1952 | 446.4 | 84.6 | 41.1 | 361.8 |
| 1953 | 41.4 | 12.4 | 5.2 | 29.0 | 1953 | 483.9 | 88.8 | 45.0 | 395.1 |
| 1954 | 40.1 | 10.9 | 4.6 | 29.3 | 1954 | 465.9 | 87.7 | 43.6 | 378.2 |

Tabel 15b. Tabel 16b.

N A T U R E L L E

| Jaartal | Totale | Alle Ernstige | 087 | Nie-ernstig | Jaartal | Totale | Alle Ernstige | 087 | Nie-ernstige |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 72.9 | 14.2 | | 58.7 | 1945 | 719.1 | 75.9 | | 643.2 |
| 1946 | 72.0 | 13.7 | | 58.3 | 1946 | 766.0 | 75.1 | | 690.9 |
| 1947 | 74.1 | 14.0 | | 60.1 | 1947 | 822.4 | 83.3 | | 739.2 |
| 1948 | 70.5 | 13.6 | | 56.9 | 1948 | 856.0 | 83.5 | | 772.5 |
| 1949 | 74.2 | 15.0 | | 59.1 | 1949 | 933.6 | 89.0 | | 844.5 |
| 1950 | 82.8 | 16.3 | | 66.5 | 1950 | 936.7 | 94.0 | | 842.7 |
| 1951 | 83.2 | 17.0 | | 66.2 | 1951 | 945.9 | 96.8 | | 849.1 |
| 1952 | 84.0 | 17.5 | | 66.6 | 1952 | 986.5 | 96.1 | | 890.5 |
| 1953 | 82.1 | 16.4 | | 65.7 | 1953 | 1042.8 | 104.9 | | 937.9 |
| 1954 | 89.7 | 17.7 | | 71.9 | 1954 | 1170.1 | 112.1 | | 1057.9 |

Tabel 15c. Tabel 16c.

K L E U R L I N G E

| Jaartal | Totale | Alle Ernstige | 087 | Nie-ernstig | Jaartal | Totale | Alle Ernstige | 087 | Nie-ernstige |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 119.5 | 27.4 | | 92.1 | 1945 | 1044.6 | 173.2 | | 871.4 |
| 1946 | 141.5 | 38.7 | | 102.9 | 1946 | 1212.2 | 197.4 | | 1014.7 |
| 1947 | 145.9 | 37.6 | | 108.3 | 1947 | 1244.4 | 196.6 | | 1047.8 |
| 1948 | 139.6 | 31.1 | | 108.5 | 1948 | 1282.1 | 213.8 | | 1068.4 |
| 1949 | 137.6 | 33.7 | | 103.8 | 1949 | 1381.1 | 242.2 | | 1138.9 |
| 1950 | 183.1 | 41.4 | | 141.6 | 1950 | 1596.2 | 288.9 | | 1307.2 |
| 1951 | 186.9 | 45.7 | | 141.2 | 1951 | 1630.4 | 290.2 | | 1340.2 |
| 1952 | 193.8 | 50.9 | | 142.9 | 1952 | 1515.3 | 300.1 | | 1215.2 |
| 1953 | 203.2 | 52.5 | | 150.7 | 1953 | 1728.2 | 291.6 | | 1436.7 |
| 1954 | 194.0 | 44.8 | | 149.3 | 1954 | 1423.9 | 311.3 | | 1112.6 |

Tabel 15d. Tabel 16d.

A S I A T E

| Jaartal | Totale | Alle Ernstige | 087 | Nie-ernstig | Jaartal | Totale | Alle Ernstige | 087 | Nie-ernstige |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 48.2 | 6.1 | | 42.1 | 1945 | 589.3 | 50.6 | | 538.6 |
| 1946 | 53.5 | 6.5 | | 47.0 | 1946 | 721.3 | 62.9 | | 658.3 |
| 1947 | 47.9 | 6.4 | | 41.5 | 1947 | 742.2 | 70.3 | | 671.9 |
| 1948 | 47.4 | 7.6 | | 39.9 | 1948 | 673.7 | 66.8 | | 606.9 |
| 1949 | 50.6 | 7.8 | | 42.8 | 1949 | 627.7 | 78.2 | | 549.4 |
| 1950 | 56.2 | 7.7 | | 48.5 | 1950 | 678.9 | 73.7 | | 605.3 |
| 1951 | 52.8 | 4.7 | | 48.0 | 1951 | 688.7 | 73.7 | | 615.0 |
| 1952 | 57.4 | 6.4 | | 51.1 | 1952 | 605.1 | 63.2 | | 541.9 |
| 1953 | 48.7 | 6.5 | | 42.2 | 1953 | 654.5 | 62.7 | | 591.8 |
| 1954 | 50.8 | 6.5 | | 44.4 | 1954 | 693.3 | 57.9 | | 635.4 |

III. Jeugmisdaad volgens ouderdom.

Vir die ontleding van jeugmisdaad volgens ouderdom word slegs gebruik gemaak van twee ouderdomsgroepe nl. 7-16 jaar en 17-20 jaar. Hierdie ouderdomsindeling, hoewel nie heeltemal bevredigend nie, moes om praktiese redes gebruik word, ~~ten~~ einde aan te pas by die indeling wat in die sensustabelle gebruik word. Hier kan ook nie van ouderdomme in enkeljare gebruik gemaak word nie alhoewel die misdaadsyfer tog wel so uitgehaal is, aangesien die bevolkingsyfers vir nie-blanke rasse hoogs onbetroubaar is. Vir die Blankes is wel syfers vir ouderdomme in enkeljare verkry en dit word in 'n volgende afdeling bespreek.

Die gegewens vir jeugmisdaad word op 'n ouderdomsbasis vergelyk in Tabelle 17a, b, c en d, asook in Figure 11 tot 14. Die volgende afleidings kan van hierdie tabelle en grafiese voorstellinge gemaak word:

1. Deurgaans by al vier rasse het die Jeugdige Volwassenes hulle meer dikwels skuldig gemaak aan misdaad as die Jeugdiges.
2. Volgens gegewens uit hierdie tabelle blyk dit dat Blanke Jeugdige Volwassenes in 1954 hulle ongeveer 8 keer meer aan Ernstige, en ongeveer 13 keer meer aan Nie-Ernstige Jeugmisdaad skuldig maak as Blanke Jeugdiges. Vir die nie-blanke rasse is die respektiewelike syfers as volg: Naturelle 6 en 14 keer, Kleurlinge 7 en 8 keer, Asiate 9 en 14 keer.
3. Weereens kan uit hierdie syfers afgelei word dat Jeugdiges relatief meer geneig is tot Ernstige Jeugmisdaad as Nie-Ernstige Jeugmisdaad in vergelyking met Jeugdige Volwassenes en dat dit veral by die Kleurlinge baie sterk op die voorgrond tree.

24/....

Tabel 17a.

Jeugmisdaad volgens Aard van Oortreding vir albei Ouderdomsgroepe per 10,000 van Bevolking vir die Jare 1945 - 1954.

B L A N K E S

| Jaartal | Ernstige Jeugmisdaad | | Nie-Ernstige Jeugmisdaad | | Alle Jeugmisdaad | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7-16 jr. | 17-20 jr. | 7-16 jr. | 17-20 jr. | 7-16 jr. | 17-20 jr. |
| 1945 | 5.8 | 43.3 | 25.0 | 231.0 | 30.9 | 256.2 |
| 1946 | 6.8 | 53.0 | 18.7 | 224.9 | 25.5 | 277.9 |
| 1947 | 7.7 | 62.3 | 22.7 | 260.4 | 30.4 | 322.7 |
| 1948 | 9.3 | 69.8 | 23.0 | 288.0 | 32.3 | 357.8 |
| 1949 | 8.9 | 76.5 | 23.2 | 303.3 | 32.1 | 379.7 |
| 1950 | 11.3 | 81.9 | 25.0 | 322.5 | 36.3 | 404.3 |
| 1951 | 10.4 | 82.1 | 29.2 | 341.9 | 39.6 | 424.0 |
| 1952 | 13.0 | 84.6 | 28.1 | 361.8 | 41.1 | 446.4 |
| 1953 | 12.4 | 88.8 | 29.0 | 395.1 | 41.4 | 483.9 |
| 1954 | 10.9 | 87.7 | 29.3 | 378.2 | 40.1 | 465.9 |

Tabel 17b.

N A T U R E L L E

| Jaartal | Ernstige 7-16 jr. | Ernstige 17-20 jr. | Nie-Ernstige 7-16 jr. | Nie-Ernstige 17-20 jr. | Alle 7-16 jr. | Alle 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 14.2 | 75.9 | 58.7 | 643.2 | 72.9 | 719.1 |
| 1946 | 13.7 | 75.1 | 58.3 | 690.9 | 72.0 | 766.0 |
| 1947 | 14.0 | 83.3 | 60.1 | 739.2 | 74.1 | 822.4 |
| 1948 | 13.6 | 83.5 | 56.9 | 772.5 | 70.5 | 856.0 |
| 1949 | 15.0 | 89.0 | 59.1 | 844.5 | 74.2 | 933.6 |
| 1950 | 16.3 | 94.0 | 66.5 | 842.7 | 82.8 | 936.7 |
| 1951 | 17.0 | 96.8 | 66.2 | 849.1 | 83.2 | 945.9 |
| 1952 | 17.5 | 96.1 | 66.6 | 890.5 | 84.0 | 986.5 |
| 1953 | 16.4 | 104.9 | 65.7 | 937.9 | 82.1 | 1042.8 |
| 1954 | 17.7 | 112.1 | 71.9 | 1057.9 | 89.7 | 1170.1 |

Tabel 17c.

K L E U R L I N G E

| Jaartal | Ernstige 7-16 jr. | Ernstige 17-20 jr. | Nie-Ernstige 7-16 jr. | Nie-Ernstige 17-20 jr. | Alle 7-16 jr. | Alle 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 27.4 | 173.2 | 92.1 | 871.4 | 119.5 | 1044.6 |
| 1946 | 38.7 | 197.4 | 102.9 | 1014.7 | 141.5 | 1212.2 |
| 1947 | 37.6 | 196.6 | 108.3 | 1047.8 | 145.9 | 1244.4 |
| 1948 | 31.1 | 213.8 | 108.5 | 1068.4 | 139.6 | 1282.1 |
| 1949 | 33.7 | 242.2 | 103.8 | 1138.9 | 137.6 | 1381.1 |
| 1950 | 41.4 | 288.9 | 141.6 | 1307.2 | 183.1 | 1596.2 |
| 1951 | 45.7 | 290.2 | 141.2 | 1340.2 | 186.9 | 1630.4 |
| 1952 | 50.9 | 300.1 | 142.9 | 1215.2 | 193.9 | 1515.3 |
| 1953 | 52.5 | 291.6 | 150.7 | 1436.7 | 203.2 | 1728.2 |
| 1954 | 44.8 | 311.3 | 149.3 | 1112.6 | 194.0 | 1423.9 |

Tabel 17d.

A S I A T E

| Jaartal | Ernstige 7-16 jr. | Ernstige 17-20 jr. | Nie-Ernstige 7-16 jr. | Nie-Ernstige 17-20 jr. | Alle 7-16 jr. | Alle 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 6.1 | 50.6 | 42.1 | 538.6 | 48.2 | 589.3 |
| 1946 | 6.5 | 62.9 | 47.0 | 658.3 | 53.5 | 721.3 |
| 1947 | 6.4 | 70.3 | 41.5 | 671.9 | 47.9 | 742.2 |
| 1948 | 7.6 | 66.8 | 39.9 | 606.9 | 47.4 | 673.7 |
| 1949 | 7.8 | 78.2 | 42.8 | 549.4 | 50.6 | 627.7 |
| 1950 | 7.7 | 73.7 | 48.5 | 605.3 | 56.2 | 678.9 |
| 1951 | 4.7 | 73.7 | 48.0 | 615.0 | 52.8 | 688.7 |
| 1952 | 6.4 | 63.2 | 51.1 | 541.9 | 57.4 | 605.1 |
| 1953 | 6.5 | 62.7 | 42.2 | 591.8 | 48.7 | 654.5 |
| 1954 | 6.5 | 57.9 | 44.4 | 635.4 | 50.8 | 693.3 |

IV. Jeugmisdaad volgens geslag.

Gegewens oor hierdie aspek van die probleem word gegee in Tabelle 18a tot d, 19a tot d en 20a tot d. Tabelle 18a tot d bevat gegewens op 'n geslagsbasis vir Alle Jeugmisdaad vir al vier die rasse vir die 10 jaar vanaf 1945-1954. Die ooreenstemmende gegewens vir Ernstige Jeugmisdaad verskyn in Tabelle 19a tot d. In Tabelle 20a tot d word die gemiddelde insidensie van Ernstige en Alle Jeugmisdaad, oor die 10 jaar tussen 1945 en 1954 gegee vir al vier die rasse op 'n geslagsbasis.

Tabel 18.

Alle Jeugmisdaad vir 10 Jaar 1945-1954 per 10,000 van Bevolking vir al vier die Rasse op 'n Geslagsbasis.

18a Naturelle.

| Jaartal | 7 - 16 jaar | | 17 - 20 jaar. | |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 122.8 | 21.0 | 1148.1 | 283.4 |
| 1946 | 119.8 | 22.5 | 1224.3 | 299.4 |
| 1947 | 124.2 | 22.2 | 1323.3 | 311.0 |
| 1948 | 119.8 | 19.7 | 1389.3 | 310.0 |
| 1949 | 127.4 | 19.3 | 1524.4 | 327.2 |
| 1950 | 142.8 | 21.1 | 1531.0 | 325.3 |
| 1951 | 143.0 | 21.9 | 1545.2 | 331.3 |
| 1952 | 144.1 | 22.5 | 1613.8 | 345.3 |
| 1953 | 141.9 | 21.3 | 1709.0 | 363.8 |
| 1954 | 154.8 | 23.4 | 1886.7 | 437.9 |

18b Kleurlinge.

| Jaartal | 7 - 16 jr. | | 17 - 20 jr. | |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 205.6 | 33.3 | 1727.7 | 398.4 |
| 1946 | 250.3 | 32.8 | 2063.3 | 405.8 |
| 1947 | 258.9 | 32.1 | 2143.8 | 412.5 |
| 1948 | 243.9 | 34.9 | 2217.7 | 392.2 |
| 1949 | 240.2 | 34.0 | 2431.8 | 403.7 |
| 1950 | 323.5 | 40.7 | 2831.7 | 416.8 |
| 1951 | 332.4 | 40.3 | 2919.3 | 425.7 |
| 1952 | 347.0 | 38.8 | 2655.8 | 423.4 |
| 1953 | 363.9 | 40.7 | 3081.9 | 429.8 |
| 1954 | 348.2 | 38.2 | 2438.6 | 449.0 |

Tabel 18 (vervolg)

Alle Jeugmisdaad vir die 10 Jaar 1945-1954 per 10,000 van Bevolking vir al vier die Rasse op 'n Geslagsbasis.

18c Blankes

| Jaartal | 7 - 16 jr. | | 17 - 20 jr. | |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 56.7 | 3.9 | 453.9 | 51.6 |
| 1946 | 46.9 | 3.3 | 505.1 | 40.5 |
| 1947 | 55.5 | 4.5 | 585.2 | 50.0 |
| 1948 | 60.6 | 3.0 | 648.5 | 56.7 |
| 1949 | 59.4 | 3.7 | 697.0 | 50.7 |
| 1950 | 66.6 | 5.0 | 743.3 | 55.1 |
| 1951 | 72.5 | 5.5 | 771.9 | 66.1 |
| 1952 | 73.8 | 7.3 | 823.5 | 58.6 |
| 1953 | 75.0 | 6.8 | 887.3 | 69.0 |
| 1954 | 73.1 | 6.3 | 842.6 | 79.4 |

27/....

18d Asiate

| Jaartal | 7 - 16 jr. | | 17 - 20 jr. | |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 88.7 | 7.5 | 1100.0 | 46.9 |
| 1946 | 98.1 | 8.8 | 1363.9 | 56.8 |
| 1947 | 91.3 | 4.6 | 1403.2 | 75.8 |
| 1948 | 90.0 | 4.9 | 1300.8 | 51.5 |
| 1949 | 93.6 | 7.6 | 1218.7 | 49.6 |
| 1950 | 101.3 | 11.2 | 1327.1 | 53.1 |
| 1951 | 97.3 | 8.3 | 1337.6 | 48.3 |
| 1952 | 108.6 | 6.3 | 1189.7 | 38.8 |
| 1953 | 92.0 | 5.4 | 1304.3 | 35.5 |
| 1954 | 95.1 | 6.6 | 1382.6 | 46.6 |

Tabel 19a.

Ernstige Jeugmisdaad vir die 10 Jaar 1945-1954 per 10,000 van Bevolking vir al vier die rasse op 'n Geslagsbasis.

Blankes

| Jaartal | 7 - 16 jr. | | 17 - 20 jr. | |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 11.1 | .28 | 79.5 | 5.8 |
| 1946 | 13.1 | .23 | 97.7 | 6.2 |
| 1947 | 14.5 | .58 | 115.2 | 7.3 |
| 1948 | 17.8 | .44 | 125.6 | 11.9 |
| 1949 | 16.7 | .81 | 141.8 | 8.7 |
| 1950 | 21.4 | .88 | 148.7 | 13.0 |
| 1951 | 19.4 | 1.1 | 149.4 | 12.9 |
| 1952 | 24.4 | 1.3 | 154.2 | 13.1 |
| 1953 | 23.5 | .94 | 162.1 | 13.4 |
| 1954 | 20.7 | .80 | 157.2 | 16.4 |

28/....

Tabel 19b.

Naturelle

| Jaartal | 7 - 16 jr. | | 17 - 20 jr. | |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 26.5 | 1.4 | 138.1 | 12.6 |
| 1946 | 25.8 | 1.3 | 136.9 | 12.1 |
| 1947 | 26.0 | 1.5 | 151.9 | 13.2 |
| 1948 | 25.5 | 1.4 | 151.4 | 14.0 |
| 1949 | 28.1 | 1.6 | 163.1 | 13.0 |
| 1950 | 30.7 | 1.5 | 171.5 | 14.2 |
| 1951 | 32.1 | 1.5 | 175.9 | 15.8 |
| 1952 | 32.8 | 1.8 | 175.8 | 14.6 |
| 1953 | 31.2 | 1.3 | 193.0 | 15.1 |
| 1954 | 33.4 | 1.7 | 204.4 | 17.9 |

Tabel 19c.

Kleurlinge

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 50.8 | 4.1 | 330.3 | 24.6 |
| 1946 | 72.5 | 4.8 | 376.9 | 27.4 |
| 1947 | 71.2 | 3.8 | 377.8 | 29.0 |
| 1948 | 59.5 | 2.5 | 412.6 | 24.6 |
| 1949 | 62.9 | 4.3 | 469.8 | 30.5 |
| 1950 | 77.4 | 5.0 | 555.7 | 34.3 |
| 1951 | 87.2 | 3.9 | 565.8 | 32.6 |
| 1952 | 96.6 | 4.7 | 577.3 | 34.7 |
| 1953 | 99.2 | 5.3 | 565.5 | 28.8 |
| 1954 | 83.4 | 5.6 | 587.8 | 45.7 |

Tabel 19d.

Asiate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1945 | 11.1 | 1.1 | 97.5 | 0.9 |
| 1946 | 12.0 | 1.1 | 116.4 | 7.6 |
| 1947 | 12.6 | 0.3 | 135.2 | 4.8 |
| 1948 | 14.9 | 0.2 | 132.6 | 1.5 |
| 1949 | 14.9 | 0.7 | 154.5 | 3.7 |
| 1950 | 14.2 | 1.3 | 147.9 | 2.1 |
| 1951 | 9.1 | 0.4 | 143.0 | 5.3 |
| 1952 | 12.7 | .0 | 125.2 | 3.1 |
| 1953 | 12.8 | .2 | 125.5 | 3.0 |
| 1954 | 12.1 | .9 | 116.8 | 2.8 |

29/....

Tabel 20a.

Ernstige Jeugmisdaad, Gemiddelde Insidensie van 1945 - 1954 vergelyk volgens Geslag vir die Groep 7 - 16 jr.

| Ras | Manlik per 10,000 | Vroulik per 10,000 | Verhouding Manlik tot Vroulik |
|---|---|---|---|
| Blankes | 18.5 | .8 | 23:1 |
| Naturelle | 29.3 | 1.5 | 20:1 |
| Kleurlinge | 76.9 | 4.5 | 17:1 |
| Asiate | 12.6 | .7 | 18:1 |

Tabel 20b.

Alle Jeugmisdaad, Gemiddelde Insidensie van 1945-1954 vergelyk volgens Geslag vir die Groep 7 - 16 jr.

| Ras | Manlik per 10,000 | Vroulik per 10,000 | Verhouding Manlik tot Vroulik |
|---|---|---|---|
| Blankes | 64.5 | 5.0 | 13:1 |
| Naturelle | 134.5 | 21.5 | 6:1 |
| Kleurlinge | 294.9 | 36.8 | 8:1 |
| Asiate | 96.1 | 7.2 | 13:1 |

Tabel 20c.

Ernstige Jeugmisdaad, Gemiddelde Insidensie van 1945-1954 vergelyk volgens Geslag vir die Groep 17-20 jr.

| Ras | Manlik per 10,000 | Vroulik per 10,000 | Verhouding Manlik tot Vroulik |
|---|---|---|---|
| Blankes | 133.6 | 10.9 | 12:1 |
| Naturelle | 167.2 | 14.3 | 12:1 |
| Kleurlinge | 491.5 | 31.7 | 15:1 |
| Asiate | 129.8 | 3.5 | 37:1 |

Tabel 20d.

Alle Jeugmisdaad, Gemiddelde Insidensie van 1945-1954 vergelyk volgens Geslag vir die Groep 17-20 jaar.

| Ras | Manlik per 10,000 | Vroulik per 10,000 | Verhouding Manlik tot Vroulik |
|---|---|---|---|
| Blankes | 698.1 | 58.0 | 12:1 |
| Naturelle | 1499.1 | 335.1 | 4:1 |
| Kleurlinge | 2484.5 | 417.2 | 6:1 |
| Asiate | 1294.6 | 49.1 | 26:1 |

(a) Jeugdiges

(i) Eerstens blyk dit baie duidelik uit die bogenoemde tabelle dat, van die twee geslagte, die vroulike groep in hierdie ouderdomsgroep oor die hele tydperk tussen 1945 en 1954 die geringere aandeel aan sowel Ernstige as Alle Jeugmisdaad gehad het. Dit geld vir al vier die rassegroepe.

(ii) Uit Tabelle 20a en b kan die omvang van die misdaad van elke geslag min of meer afgelei word.
By die Blankes maak die seuns in hierdie ouderdomsgroep hulle by Alle Jeugmisdaad ongeveer 13 keer soveel skuldig as dogters en by Ernstige Jeugmisdaad 23 keer soveel.
Die manlike groep Naturelle maak hulle ses keer meer skuldig aan Alle Jeugmisdaad en 20 keer meer aan Ernstige Jeugmisdaad as die vroulike groep. By die Kleurlinge is die ooreenstemmende gegewens 8 en 17 keer respektiewelik vir Alle Jeugmisdaad en Ernstige Jeugmisdaad; en 13 en 18 keer respektiewelik vir Alle Jeugmisdaad en Ernstige Jeugmisdaad by Asiate.

(iii) Dit is dus baie duidelik dat dogters nie alleen baie minder by al vier rasse aan misdaad skuldig bevind word as seuns nie, maar dat hulle ook aan Ernstige

31/....

Jeugmisdaad 'n geringer deel het as aan Nie-Ernstige Jeugmisdaad. (Hierdie verskynsel sal later bespreek word).

(iv) By die Blankes is dit opvallend dat die insidensie, veral wat betref Ernstige Jeugmisdaad, die gunstigste is vir dogters aangesien die seuns 23 maal so 'n groot deelname het. In hierdie geval vertoon die vroulike groep van die Kleurlinge die ongunstigste prentjie van al vier die rasse omdat die manlikes slegs 17 keer so 'n groot deelname aan Ernstige Jeugmisdaad as die vroulikes het.

By Alle Jeugmisdaad word die gunstigste plek gedeel deur die Asiate en Blankes aangesien die manlikes ongeveer 13 keer so 'n groot aandeel aan Alle Misdaad het as die vroulikes. Die ongunstigste plek word deur die Naturelle ingeneem, met die manlike groep wat slegs 6 keer so 'n groot aandeel aan Alle Misdaad het as die vroulike groep.

(b) Jeugdige Volwassenes

(i) Ook by Jeugdige Volwassenes, blykens Tabelle 18a tot d asook 19a tot d, het die vroulike groep 'n geringer deelname aan jeugmisdaad as die manlike groep en dit geld vir al vier die rasse.

(ii) By Blankes neem die manlike groep ongeveer twaalf keer groter deel aan sowel Alle Jeugmisdaad as Ernstige Jeugmisdaad as die vroulike groep (Tabelle 20c en 20d).

(iii) By die nie-blanke rasse is hierdie gegewens as volg: By die Naturelle is die manlike groep se deelname meer as 12 keer in die geval van Ernstige Jeugmisdaad, en 4 keer by Alle Jeugmisdaad so groot as die vroulike groep. By Kleurlinge is die syfers 15 en 6 keer en by die Asiate 37 en 26 keer respektiewelik so groot vir Ernstige

en Alle Jeugmisdaad by die manlike as die vroulike groep.

(iv) Dit blyk dus dat die Blankes en Naturelle vroulike groepe by hierdie ouderdomsgroep relatief 'n groter deelname aan Ernstige Jeugmisdaad het as die ander twee groepe.

By Alle Jeugmisdaad geld die voorgenoemde bewering weer vir die Naturelle en Kleurlinge. Dit blyk ook dat die vroulike groep by die Asiate tussen 17 en 20 jaar in vergelyking met ander rasse die geringste aandeel het aan Ernstige sowel as Alle Jeugmisdaad van die bepaalde ras.

(v) Word die twee ouderdomsgroepe met mekaar vergelyk, blyk dit dat, behalwe vir die Asiate, die aandeel van die dogters aan Ernstige Jeugmisdaad hoër is vir die Jeugdige Volwasse groep as vir die Jeugdiges.

Die relatiewe geringe deelname van die vroulike groep aan jeugmisdaad vereis verdere toeligting en kan gedeeltelik as volg verklaar word:

1. Die neiging bestaan om meer toegewend teenoor dogters op te tree. Baie ander redmiddels word aangewend alvorens dogters werklik in die hof aangekla word.
2. Die oortredings waaraan dogters hulle veral skuldig maak nl. geslagsoortredings, word nie maklik onder die aandag van die gereg gebring nie, en die skuldiges word ook nie maklik betrap nie.
3. Dogters voer ook veel meer 'n beskermde binnenshuise lewe en is nie so dikwels as seuns blootgestel aan die nadelige invloede van die straat nie. Dogters staan ook nie so op die voorpunt van die ekonomiese en

beroepslewe nie.

4. Bogenoemde faktore asook die vroeë huwelike en die besondere omstandighede van die Asiatiese vrou is veral verantwoordelik vir die daling in die misdadigheid by die vroulike Asiate 17 tot 20 jaar.

## HOOFSTUK IV.

## DIE TOENAME VAN JEUGMISDAAD IN SUID-AFRIKA 1945-1954.

1. Metode:

Ten einde die toename in jeugmisdaad te kon aantoon, moes die omvang van jeugmisdaad van 'n bepaalde jaar as basis geneem word. Soos reeds op gewys, is besluit om 1947 daarvoor te gebruik.

Die tegniek wat gebruik is om hierdie styging aan te toon, is die volgende: Die misdaadinsidensie vir elke jaar, vir elke bevolkingsgroep word uitgedruk as aantal per 10,000 van die bevolkingsgroep. Daarna word die misdaadinsidensie vir elke jaar, vir elke bevolkingsgroep uitgedruk as 'n persentasie van die insidensie in 1947. Met hierdie gegewens word nou kurwes verkry wat almal in 1947 deur dieselfde punt gaan wanneer, bv. 'n vergelyking op 'n rasbasis getref word. Ten einde die groei duideliker voor te stel, is die kurwes[1] in reguitlynige voorstellings omskep wat met die volgende formule verkry is:

$$C = \frac{\Sigma XY - \frac{\Sigma X \Sigma Y}{N}}{\Sigma X^2 - \frac{(\Sigma X)^2}{N}} \qquad a = \frac{\Sigma Y}{N} - C\left(\frac{\Sigma X}{N}\right)$$

$$Y' = a + CX$$

X = die jare wat behandel word genommer van 1 tot 10.

Y = die misdaadinsidensie vir die 10 jare uitgedruk as persentasie van die omvang in 1947.

Y'= die insidensie na gelykmaking vir elk van die tien jaar.

Hieruit kan dan die persentasie styging of daling van jaar tot jaar asook oor die hele tien jaar bepaal word deur die volgende formule $\frac{r}{100}$ = (Antilog C - 1)

(waar r = die persentasie styging of daling).

1) Eksponensiale kurwe.

Tabel 21.

Die Omvang van alle Jeugmisdaad uitgedruk per 10,000 van die Bevolkingsgroep en as Persentasie van die omvang in 1947 vir die jare 1945 - 1954.

| Jaar | BLANKES | | | | NATURELLE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | |
| | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 |
| 1945 | 30.9 | 101.5 | 256.2 | 79.4 | 72.9 | 98.3 | 719.1 | 87.4 |
| 1946 | 25.5 | 83.7 | 277.9 | 86.1 | 72.0 | 97.2 | 766.0 | 93.1 |
| 1947 | 30.4 | 100.0 | 322.7 | 100.0 | 74.1 | 100.0 | 822.4 | 100.0 |
| 1948 | 32.3 | 106.3 | 357.8 | 110.9 | 70.5 | 95.1 | 856.0 | 104.1 |
| 1949 | 32.1 | 105.6 | 379.7 | 117.7 | 74.2 | 100.1 | 933.6 | 113.5 |
| 1950 | 36.3 | 119.5 | 404.3 | 125.3 | 82.8 | 111.7 | 936.7 | 113.9 |
| 1951 | 39.6 | 130.1 | 424.0 | 131.4 | 83.2 | 112.3 | 945.9 | 115.0 |
| 1952 | 41.1 | 135.2 | 446.4 | 138.3 | 84.0 | 113.4 | 986.5 | 119.9 |
| 1953 | 41.4 | 136.3 | 483.9 | 149.9 | 82.1 | 110.8 | 1042.8 | 126.8 |
| 1954 | 40.1 | 132.0 | 465.9 | 144.4 | 89.7 | 121.1 | 1170.1 | 142.3 |

| Jaar | KLEURLINGE | | | | ASIATE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | |
| | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 |
| 1945 | 119.5 | 81.9 | 1044.6 | 83.9 | 48.2 | 100.6 | 589.3 | 79.4 |
| 1946 | 141.5 | 97.0 | 1212.2 | 97.4 | 53.5 | 111.7 | 721.3 | 97.1 |
| 1947 | 145.9 | 100.0 | 1244.4 | 100.0 | 47.9 | 100.0 | 742.2 | 100.0 |
| 1948 | 139.6 | 95.7 | 1282.1 | 103.0 | 47.4 | 98.9 | 673.7 | 90.8 |
| 1949 | 137.6 | 94.3 | 1381.1 | 111.0 | 50.6 | 105.6 | 627.7 | 84.5 |
| 1950 | 183.1 | 125.5 | 1596.2 | 128.3 | 56.2 | 117.3 | 678.9 | 91.5 |
| 1951 | 186.9 | 128.1 | 1630.4 | 131.0 | 52.8 | 110.2 | 688.7 | 92.8 |
| 1952 | 193.8 | 132.8 | 1515.3 | 121.8 | 57.4 | 119.8 | 605.1 | 81.5 |
| 1953 | 203.2 | 139.3 | 1728.2 | 138.9 | 48.7 | 101.7 | 654.5 | 88.1 |
| 1954 | 194.0 | 133.0 | 1423.9 | 114.4 | 50.8 | 106.1 | 693.3 | 93.4 |

Tabel 22.

Die Omvang van Ernstige Jeugmisdaad uitgedruk per 10,000 van Bevolkingsgroep en as 'n Persentasie van die omvang in 1947 vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaar | BLANKES | | | | NATURELLE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | |
| | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 |
| 1945 | 5.8 | 75.3 | 43.3 | 69.5 | 14.2 | 101.4 | 75.9 | 91.1 |
| 1946 | 6.8 | 88.3 | 53.0 | 85.1 | 13.7 | 97.9 | 75.1 | 90.2 |
| 1947 | 7.7 | 100.0 | 62.3 | 100.0 | 14.0 | 100.0 | 83.3 | 100.0 |
| 1948 | 9.3 | 120.8 | 69.8 | 112.0 | 13.6 | 97.1 | 83.5 | 100.2 |
| 1949 | 8.9 | 115.6 | 76.5 | 122.8 | 15.0 | 107.1 | 89.0 | 106.8 |
| 1950 | 11.3 | 146.8 | 81.9 | 131.5 | 16.3 | 116.4 | 94.0 | 112.8 |
| 1951 | 10.4 | 135.1 | 82.1 | 131.8 | 17.0 | 121.4 | 96.8 | 116.2 |
| 1952 | 13.0 | 168.8 | 84.6 | 135.8 | 17.5 | 125.0 | 96.1 | 115.4 |
| 1953 | 12.4 | 161.0 | 88.8 | 142.5 | 16.4 | 117.1 | 104.9 | 125.9 |
| 1954 | 10.9 | 141.6 | 87.7 | 140.8 | 17.7 | 126.4 | 112.1 | 134.6 |

| Jaar | KLEURLINGE | | | | ASIATE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | |
| | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 |
| 1945 | 27.4 | 72.9 | 173.2 | 88.1 | 6.1 | 95.3 | 50.6 | 72.0 |
| 1946 | 38.7 | 102.9 | 197.9 | 100.4 | 6.5 | 101.6 | 62.9 | 89.5 |
| 1947 | 37.6 | 100.0 | 196.6 | 100.0 | 6.4 | 100.0 | 70.3 | 100.0 |
| 1948 | 31.1 | 82.7 | 213.8 | 108.7 | 7.6 | 118.8 | 66.8 | 95.0 |
| 1949 | 33.7 | 89.6 | 242.2 | 123.2 | 7.8 | 121.9 | 78.2 | 111.2 |
| 1950 | 41.4 | 110.1 | 288.9 | 146.9 | 7.7 | 120.3 | 73.7 | 104.8 |
| 1951 | 45.7 | 121.5 | 290.2 | 147.6 | 4.7 | 73.4 | 73.7 | 104.8 |
| 1952 | 50.9 | 135.4 | 300.1 | 152.6 | 6.4 | 100.0 | 63.2 | 89.9 |
| 1953 | 52.5 | 139.6 | 291.6 | 148.3 | 6.5 | 101.6 | 62.7 | 89.2 |
| 1954 | 44.8 | 119.1 | 311.3 | 158.3 | 6.5 | 101.6 | 57.9 | 82.4 |

37/....

Tabel 23.

Die Omvang van Nie-Ernstige Jeugmisdaad uitgedruk per 10,000 van die Bevolkingsgroep en as 'n Persentasie van die Omvang in 1947 vir die Jare 1945 - 1954.

| Jaar | BLANKES | | | | NATURELLE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | | 7-16 jr. | | 17-20 jr. | |
| | Misdaad per 10,000 | Persentasie styging met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie styging met basis 1947 | Misdaad per 10,000 | Persentasie met basis 1947 |
| 1945 | 25.0 | 110.1 | 213.0 | 81.8 | 58.7 | 97.7 | 643.2 | 87.0 |
| 1946 | 18.7 | 82.4 | 224.9 | 86.4 | 58.3 | 97.0 | 690.9 | 93.5 |
| 1947 | 22.7 | 100.0 | 260.4 | 100.0 | 60.1 | 100.0 | 739.2 | 100.0 |
| 1948 | 23.0 | 101.3 | 288.0 | 110.6 | 56.9 | 94.7 | 772.5 | 104.5 |
| 1949 | 23.2 | 102.2 | 303.3 | 116.5 | 59.1 | 98.3 | 844.5 | 114.2 |
| 1950 | 25.0 | 110.1 | 322.5 | 123.8 | 66.5 | 110.6 | 842.7 | 114.0 |
| 1951 | 29.2 | 128.6 | 341.9 | 131.3 | 66.2 | 110.1 | 849.1 | 114.9 |
| 1952 | 28.1 | 123.8 | 361.8 | 138.9 | 66.6 | 110.8 | 890.5 | 120.5 |
| 1953 | 29.0 | 127.8 | 395.1 | 151.7 | 65.7 | 109.3 | 937.9 | 126.9 |
| 1954 | 29.3 | 129.1 | 378.2 | 145.2 | 71.9 | 119.6 | 1057.9 | 143.1 |
| | KLEURLINGE | | | | ASIATE | | | |
| 1945 | 92.1 | 85.0 | 871.4 | 83.2 | 42.1 | 101.4 | 538.6 | 80.2 |
| 1946 | 102.9 | 95.0 | 1014.7 | 96.8 | 47.0 | 113.3 | 658.3 | 98.0 |
| 1947 | 108.3 | 100.0 | 1047.8 | 100.0 | 41.5 | 100.0 | 671.9 | 100.0 |
| 1948 | 108.5 | 100.2 | 1068.4 | 102.0 | 39.9 | 96.1 | 606.9 | 90.3 |
| 1949 | 103.8 | 95.8 | 1138.9 | 108.7 | 42.8 | 103.1 | 549.4 | 81.8 |
| 1950 | 141.6 | 130.7 | 1307.2 | 124.8 | 48.5 | 116.9 | 605.3 | 90.1 |
| 1951 | 141.2 | 130.4 | 1340.2 | 127.9 | 48.0 | 115.7 | 615.0 | 91.5 |
| 1952 | 142.9 | 131.9 | 1215.2 | 116.0 | 51.1 | 123.1 | 541.9 | 80.7 |
| 1953 | 150.7 | 139.2 | 1436.7 | 137.1 | 42.2 | 101.7 | 591.8 | 88.1 |
| 1954 | 149.3 | 137.9 | 1112.6 | 106.2 | 44.4 | 107.0 | 635,4 | 94.6 |

Tabel 24.

Die Omvang van Ernstige Jeugmisdaad, uitgesonderd Oortreding 087, uitgedruk per 10,000 van Bevolkingsgroep asook die Persentasie van die Omvang in 1947 vir Jeugdiges vir 1945 - 1954.

| | BLANKES | | | | | NATURELLE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaartal | Totaal | 087 | Verskil | Omvang per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Totaal | 087 | Verskil | Omvang per 10,000 | Persentasie met basis 1947 |
| 1945 | 251 | 69 | 182 | 4.2 | 85.7 | 2638 | 5 | 2633 | 14.1 | 101.4 |
| 1946 | 301 | 107 | 194 | 4.4 | 89.8 | 2594 | 4 | 2590 | 13.7 | 97.9 |
| 1947 | 347 | 124 | 223 | 4.9 | 100.0 | 2683 | 4 | 2679 | 14.0 | 100.0 |
| 1948 | 428 | 196 | 232 | 5.0 | 102.0 | 2648 | 8 | 2640 | 13.6 | 97.1 |
| 1949 | 423 | 207 | 216 | 4.5 | 91.8 | 2962 | 23 | 2939 | 14.9 | 106.4 |
| 1950 | 551 | 230 | 321 | 6.6 | 134.7 | 3256 | 19 | 3237 | 16.2 | 115.7 |
| 1951 | 516 | 236 | 280 | 5.6 | 114.3 | 3442 | 19 | 3423 | 16.9 | 120.7 |
| 1952 | 660 | 276 | 384 | 7.6 | 155.1 | 3590 | 22 | 3568 | 17.4 | 124.3 |
| 1953 | 642 | 270 | 372 | 7.2 | 146.9 | 3425 | 24 | 3401 | 16.3 | 116.4 |
| 1954 | 586 | 250 | 336 | 6.2 | 126.5 | 3741 | 25 | 3716 | 17.6 | 125.7 |
| | KLEURLINGE | | | | | ASIATE | | | | |
| 1945 | 642 | 1 | 641 | 27.4 | 72.9 | 44 | 5 | 39 | 5.4 | 96.4 |
| 1946 | 928 | 1 | 927 | 38.6 | 102.7 | 49 | 4 | 45 | 6.0 | 107.1 |
| 1947 | 925 | 1 | 924 | 37.6 | 100.0 | 50 | 6 | 44 | 5.6 | 100.0 |
| 1948 | 784 | 5 | 779 | 30.9 | 82.1 | 62 | 15 | 47 | 5.7 | 101.8 |
| 1949 | 870 | 7 | 863 | 33.4 | 88.8 | 68 | 19 | 49 | 5.6 | 100.0 |
| 1950 | 1094 | 12 | 1082 | 41.0 | 190.0 | 72 | 6 | 66 | 7.1 | 126.8 |
| 1951 | 1233 | 8 | 1225 | 45.4 | 120.7 | 47 | 10 | 37 | 3.7 | 66.1 |
| 1952 | 1405 | 9 | 1396 | 50.6 | 134.6 | 67 | 9 | 58 | 5.5 | 98.2 |
| 1953 | 1492 | 8 | 1484 | 52.3 | 139.1 | 72 | 11 | 61 | 5.5 | 98.2 |
| 1954 | 1307 | 13 | 1294 | 44.3 | 117.8 | 76 | 12 | 64 | 5.5 | 98.2 |

Tabel 25.

Die Omvang van Ernstige Jeugmisdaad, uitgesonderd Oortreding 087, uitgedruk per 10,000 van die Bevolkingsgroep asook die Persentasie van die omvang in 1947 vir Jeugdige Volwassenes vir 1945 - 1954.

| | BLANKES | | | | | NATURELLE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaartal | Totaal | 087 | Verskil | Omvang per 10,000 | Persentasie met basis 1947 | Totaal | 087 | Verskil | Omvang per 10,000 | Persentasie met basis 1947 |
| 1945 | 701 | 301 | 400 | 24.7 | 71.4 | 4909 | 32 | 4877 | 75.4 | 91.4 |
| 1946 | 874 | 395 | 479 | 29.0 | 83.8 | 4941 | 26 | 4915 | 74.7 | 90.5 |
| 1947 | 1046 | 465 | 581 | 34.6 | 100.0 | 5572 | 55 | 5517 | 82.5 | 100.0 |
| 1948 | 1193 | 586 | 607 | 35.5 | 102.6 | 5679 | 67 | 5612 | 82.5 | 100.0 |
| 1949 | 1302 | 668 | 634 | 37.2 | 107.5 | 6153 | 117 | 6036 | 87.4 | 105.9 |
| 1950 | 1378 | 637 | 741 | 44.0 | 127.2 | 6598 | 113 | 6485 | 92.4 | 112.0 |
| 1951 | 1391 | 742 | 649 | 38.3 | 110.7 | 6904 | 126 | 6778 | 95.1 | 115.3 |
| 1952 | 1442 | 701 | 741 | 43.5 | 125.7 | 6957 | 149 | 6808 | 94.0 | 113.9 |
| 1953 | 1522 | 772 | 750 | 43.8 | 126.6 | 7711 | 172 | 7539 | 102.6 | 124.4 |
| 1954 | 1550 | 771 | 779 | 44.1 | 127.5 | 8366 | 180 | 8186 | 108.7 | 132.9 |
| | KLEURLINGE | | | | | ASIATE | | | | |
| 1945 | 1247 | 17 | 1230 | 170.8 | 88.5 | 118 | 18 | 100 | 42.9 | 76.9 |
| 1946 | 1461 | 20 | 1441 | 194.7 | 100.9 | 151 | 35 | 116 | 48.3 | 86.6 |
| 1947 | 1514 | 29 | 1485 | 192.9 | 100.0 | 175 | 36 | 139 | 55.8 | 100.0 |
| 1948 | 1710 | 42 | 1668 | 208.5 | 108.1 | 173 | 54 | 119 | 45.9 | 82.3 |
| 1949 | 2010 | 57 | 1953 | 235.3 | 122.0 | 212 | 77 | 135 | 49.8 | 89.2 |
| 1950 | 2485 | 69 | 2416 | 280.9 | 145.6 | 210 | 78 | 132 | 46.3 | 82.9 |
| 1951 | 2583 | 72 | 2511 | 282.1 | 146.2 | 221 | 82 | 139 | 46.3 | 82.9 |
| 1952 | 2761 | 57 | 2704 | 293.9 | 152.4 | 199 | 60 | 139 | 44.1 | 79.0 |
| 1953 | 2799 | 62 | 2737 | 285.1 | 147.8 | 207 | 66 | 141 | 42.7 | 76.5 |
| 1954 | 3113 | 77 | 3036 | 303.6 | 157.4 | 200 | 54 | 146 | 42.3 | 75.8 |

40/....

2. Die styging van jeugmisdaad volgens ras en aard van oortreding.

Alle basiese gegewens oor die styging in jeugmisdaad ten opsigte van 1947 se omvang, word vir al vier die rasse aangetoon in Tabelle 21 tot 25.

(a) Jeugdiges:

Die gegewens vir bogenoemde tabelle word vir Jeugdiges weerspieël in Fig. 15, 16 en 17. Volgens Fig. 15, wat betrekking het op Alle Misdaad vir Jeugdiges volgens ras, blyk dit dat die styging by die Kleurlinge die hoogste was en dat die Blankes, Naturelle en Asiate onderskeidelik die 2de, 3de en 4de plek inneem. Uit Fig. 16, wat 'n voorstelling gee van die styging in Ernstige Jeugmisdaad, blyk dit dat die misdaadsyfer vir Blankes die vinnigste gestyg het sedert 1947 en dat die Kleurlinge die tweede hoogste en die Naturelle die derde hoogste styging aantoon, terwyl daar by die Asiate, volgens die tegniek hier aangewend, eintlik 'n baie geringe daling bespeur kan word.

Die groot rol, ook wat die toename in jeugmisdaad betref, wat die oortreding 087 speel, blyk baie duidelik uit Fig. 17 en Tabel 26. Hiervolgens styg die oortreding 087 by Blankes selfs vinniger as alle ander Ernstige Misdaad by enige van die vier rasse.

Die werklike persentasie styging per jaar asook oor die hele tydperk vanaf 1945-1954, word vir Jeugdiges in Tabel 27 gegee.

Tabel 26.

Die Omvang van Oortreding van Rybewys-wetgewing by Blanke Jeugdiges uitgedruk per 10,000 van Bevolking en die Persentasie van die omvang in 1947.

| Jaartal | Totaal 087 | 087 per 10,000 van bevolking | Persentasie met 1947 as basis |
|---|---|---|---|
| 1945 | 69 | 1.6 | 59.2 |
| 1946 | 107 | 2.4 | 88.9 |
| 1947 | 124 | 2.7 | 100.0 |
| 1948 | 196 | 4.2 | 155.6 |
| 1949 | 207 | 4.3 | 159.3 |
| 1950 | 230 | 4.7 | 174.1 |
| 1951 | 234 | 4.7 | 174.1 |
| 1952 | 276 | 5.4 | 200.0 |
| 1953 | 270 | 5.2 | 192.9 |
| 1954 | 250 | 4.6 | 170.4 |

Tabel 27.

Persentasie styging van Misdaad vir Jeugdiges vir 10 Jaar 1945-1954 vir al vier die Rasse.

| Ras | Alle jeug-misdaad | Ernstige jeug-misdaad | Nie-Ernstige jeug-misdaad. | Ernstige jeugmisdaad uitgesonder 087 | Alleen 087 |
|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 5.0 | 8.2 | 4.0 | 6.2 | 16.0* |
| Naturelle | 2.4 | 3.1 | 2.3 | 3.0 | |
| Kleurlinge | 5.9 | 5.9 | 5.9 | 5.8 | |
| Asiate | .7 | - .5 | .9 | -1.0 | |

Uit Tabel 27 blyk dat:

1. Die persentasie styging by Kleurlingjeugdiges vir die afdeling „Alle Jeugmisdaad" hoër is as by enige ander rassegroep.

2. By Ernstige Jeugmisdaad ruil die Kleurlinge en Blankes egter posisies om. Die bydrae wat die oortreding 087 hier lewer, is opvallend want word dit weggeneem uit die ernstige oortredinge van die Blanke Jeugdiges, daal

* Die omvang van oortreding 087 by die nie-blankes is so gering dat dit nie aangetoon word nie.

die persentasie styging vanaf 8.2% na 6.2%. Weliswaar bly dit nog 'n hoër persentasie styging as vir die ander rasse, dog dit lê nou baie nader aan die tweede hoogste styging.

3. Die persentasie styging by die Blankes is hoër vir Ernstige Jeugmisdaad as vir Nie-Ernstige Jeugmisdaad; ook by die Naturelle kom hierdie verskynsel voor. By die Kleurlinge is die persentasie styging by Ernstige en Nie-Ernstige Jeugmisdaad dieselfde terwyl Ernstige Jeugmisdaad by die Asiate 'n daling toon en die persentasie styging by Nie-Ernstige Jeugmisdaad op 'n geringe toename dui.
4. Die persentasie styging van oortreding 087 alleen is hoër as die styging in enige ander kategorie by die Blankes. Die hoë persentasie styging by Ernstige Jeugmisdaad kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die bydrae van hierdie bepaalde oortreding.

(b) Jeugdige Volwassenes.

Die gegewens vir hierdie afdeling of ouderdomsgroep is oorsigtelik voorgestel in Figure 18, 19 en 20.

1. Uit hierdie figure blyk dat die Blanke Jeugdige Volwassenes by al die kategorieë van misdaad die hoogste persentasie styging van al die rasse vertoon.
2. Die rol wat die oortreding van die Rybewyswetgewing (oortreding 087) speel, spreek duidelik uit Fig. 20 en Tabel 28a. Word dit uit die Ernstige Jeugmisdaad gehaal, is die persentasie styging by Blankes nie meer die hoogste nie.
3. Uit die bogenoemde grafiese voorstellings blyk dit verder dat nêrens by die Asiate 'n groot styging opgemerk word nie en dat daar wel sprake is van 'n

daling, behalwe by Ernstige Jeugmisdaad. Die werklike persentasie styging per jaar asook die gemiddelde styging oor die 10 jaar 1945-1954, word vir Jeugdige Volwassenes weergegee in Tabel 28b.

Tabel 28a.

Die Omvang van oortreding van Rybewyswetgewing (087) by Blanke Jeugdige Volwassenes uitgedruk per 10,000 van Bevolking en die persentasie van die Omvang in 1947.

| Jaartal | Totaal 087 | 087 per 10,000 van bevolking. | Persentasie met basis 1947. |
|---|---|---|---|
| 1945 | 301 | 18.6 | 67.1 |
| 1946 | 395 | 23.9 | 86.3 |
| 1947 | 465 | 27.7 | 100.0 |
| 1948 | 586 | 34.3 | 123.8 |
| 1949 | 668 | 39.2 | 141.5 |
| 1950 | 637 | 37.8 | 136.5 |
| 1951 | 742 | 43.8 | 158.1 |
| 1952 | 701 | 41.1 | 148.3 |
| 1953 | 772 | 45.0 | 162.5 |
| 1954 | 771 | 43.6 | 157.4 |

Tabel 28b.

Die Persentasie Styging vir die 10 Jaar 1945-1954 vir al vier die Rasse, van Misdaad volgens verskillende Kategorieë vir Jeugdige Volwassenes 1945-1954.

| Ras | Alle jeug-misdaad | Ernstige jeug-misdaad | Nie-Ernstige jeug-misdaad | Ernstige jeugmisdaad uitgesonder 087 | Alleen 087 |
|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 7.1 | 7.6 | 7.1 | 6.0 | 9.3* |
| Naturelle | 4.8 | 4.3 | 4.8 | 4.2 | |
| Kleurlinge | 4.5 | 7.0 | 3.9 | 6.9 | |
| Asiate | - .1 | .6 | - .1 | -1.4 | |

Die volgende afleidings kan uit figure 18, 19 en 20 en Tabel 28b gemaak word:

1. Die persentasie styging is deurgaans by die Blankes die hoogste behalwe waar die oortreding 087 weggeneem word en die Blankes dan die tweede hoogste persentasie styging onder die vier rasse vertoon.

* Vgl. p. 41.

2. By die Kleurlinge is die persentasie styging van Ernstige Jeugmisdaad die hoogste in alle kategorieë terwyl by die ander rasse die persentasie styging by al die kategorieë ongeveer ewe hoog is.
3. By die Asiate is slegs by Ernstige Jeugmisdaad 'n styging terwyl die ander kategorieë 'n daling toon.
4. Die persentasie styging van die ootreding 087 by die Blankes is selfs hoër as wat enige ander kategorie se styging is (vgl. ook Tabel 29). As dit ge-elimineer word, daal die persentasie styging van Ernstige Jeugmisdaad van 7.6% na 6.0%.
5. Naturelle vertoon deurgaans, behalwe by Ernstige Jeugmisdaad in hierdie ouderdomsgroep, 'n hoër persentasie styging as Kleurlinge.

3. Styging in Jeugmisdaad volgens ouderdom.

Tabel 29.

Persentasie Styging van Jeugmisdaad oor die Tydperk 1945-1954 volgens Ras, Kategorie van Misdaad vir Twee verskillende Ouderdomsgroepe.

| Kategorie waarin misdaad ingedeel is | Blankes | | Naturelle | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7-16 jr. | 17-20 jr. | 7-16 jr. | 17-20 jr. | 7-16 jr. | 17-20 jr. | 7-16 jr. | 17-20 jr. |
| Alle Jeugmisdaad | 5.0 | 7.1 | 2.4 | 4.6 | 5.9 | 4.5 | .7 | - .1 |
| Ernstige Jeugmisdaad | 8.2 | 7.6 | 3.1 | 4.3 | 5.9 | 7.0 | - .5 | .6 |
| Nie-Ernstige Jeugmisdaad | 4.0 | 7.1 | 2.3 | 4.8 | 5.9 | 3.9 | .9 | - .1 |
| Ernstige Jeugmisdaad 087 uitgesonder | 6.2 | 6.0 | 3.0 | 4.2 | 5.8 | 6.9 | -1.0 | -1.4 |
| Alleen 087 | 16.0 | 9.3 | | | | | | |

Die volgende afleidings kan uit Tabel 29 gemaak word:

1. By die Blankes vertoon die Jeugdiges in Ernstige Jeugmisdaad 'n sneller styging as die Jeugdige Volwassenes.
2. Hierdie verskynsel kan hoofsaaklik aan die hoë persentasie styging by die oortreding 087 by Jeugdiges toegeskryf word, want in die kategorie „Ernstige Jeugmisdaad 087 uitgesonder" is daar nie 'n groot verskil tussen Jeugdiges en Jeugdige Volwassenes wat betref persentasie styging nie.
3. Hierteenoor is die persentasie styging by die Naturelle by die jonger groep deurgaans laer as by die ouer groep.
4. By die Kleurlinge word die ouer groep se styging oortref deur die jonger groep in die kategorie Alle Jeugmisdaad. By die Ernstige Jeugmisdaad is die teenoorgestelde waar te neem.
5. By die Asiate word die Jeugdige Volwassenes se persentasie styging by Alle Jeugmisdaad sowel as Nie-Ernstige Jeugmisdaad deur die Jeugdiges oortref.

4. <u>Die styging in jeugmisdaad vergelyk op 'n geslagsbasis.</u>

Gegewens oor hierdie aspek word saamgevat in Tabelle 30, 31, 32, 33, 34 en 35.

Tabel 30.

Die Persentasie van Alle Jeugmisdaad met 1947 as Basis.
Jeugdiges volgens Ras en Geslag 1945-1954.

| Jaartal | Blankes | | Naturelle | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 102.2 | 86.7 | 98.9 | 94.6 | 79.4 | 103.7 | 97.2 | 163.0 |
| 1946 | 84.5 | 73.3 | 96.5 | 101.4 | 96.7 | 102.2 | 107.4 | 191.3 |
| 1947 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |
| 1948 | 109.2 | 66.7 | 96.5 | 88.7 | 94.2 | 108.7 | 98.6 | 106.5 |
| 1949 | 107.0 | 82.2 | 102.6 | 86.9 | 92.8 | 105.9 | 102.5 | 165.2 |
| 1950 | 120.0 | 111.1 | 115.0 | 95.0 | 125.0 | 126.8 | 111.0 | 243.5 |
| 1951 | 130.6 | 122.2 | 115.1 | 98.6 | 128.4 | 125.5 | 106.6 | 180.4 |
| 1952 | 133.0 | 162.2 | 116.0 | 101.4 | 134.0 | 120.9 | 118.9 | 137.0 |
| 1953 | 135.1 | 151.1 | 114.3 | 95.9 | 140.6 | 126.8 | 100.8 | 117.4 |
| 1954 | 131.7 | 140.0 | 124.6 | 105.4 | 134.5 | 119.0 | 104.2 | 143.5 |

Tabel 31.

Persentasie van Alle Jeugmisdaad met 1947 as Basis.
Jeugdige Volwassenes volgens Geslag en Ras 1945-1954.

| Jaartal | Blankes | | Naturelle | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 77.6 | 103.2 | 86.8 | 91.1 | 80.6 | 96.6 | 78.4 | 61.9 |
| 1946 | 86.3 | 81.0 | 92.5 | 96.3 | 96.2 | 98.4 | 97.2 | 74.9 |
| 1947 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |
| 1948 | 110.8 | 113.4 | 105.0 | 99.7 | 103.4 | 95.1 | 92.7 | 67.9 |
| 1949 | 119.0 | 101.4 | 115.2 | 105.2 | 113.4 | 97.9 | 86.9 | 65.4 |
| 1950 | 127.0 | 110.2 | 115.7 | 104.6 | 132.1 | 101.0 | 94.6 | 70.1 |
| 1951 | 131.9 | 132.2 | 116.8 | 106.5 | 136.2 | 103.2 | 95.3 | 63.7 |
| 1952 | 140.7 | 117.2 | 122.0 | 111.0 | 123.9 | 102.6 | 84.8 | 51.2 |
| 1953 | 151.6 | 138.0 | 129.1 | 117.0 | 143.8 | 104.2 | 93.0 | 46.8 |
| 1954 | 144.0 | 158.8 | 142.6 | 140.8 | 113.8 | 108.8 | 98.5 | 61.5 |

47/....

Tabel 32.

Persentasie van Ernstige Jeugmisdaad met Basis 1947. Jeugdiges volgens Geslag en Ras, 1945 - 1954.

| Jaartal | Blankes | | Naturelle | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 76.6 | 48.3 | 101.9 | 93.3 | 71.3 | 107.9 | 88.1 | 366.7 |
| 1946 | 90.3 | 39.7 | 99.2 | 86.7 | 101.8 | 126.3 | 95.2 | 366.7 |
| 1947 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |
| 1948 | 122.8 | 75.9 | 98.1 | 93.3 | 83.6 | 65.8 | 118.3 | 66.7 |
| 1949 | 115.2 | 139.7 | 108.1 | 106.7 | 88.3 | 113.2 | 118.3 | 233.3 |
| 1950 | 147.6 | 151.7 | 118.1 | 100.0 | 108.7 | 131.6 | 112.7 | 433.3 |
| 1951 | 133.8 | 189.7 | 123.5 | 100.0 | 122.5 | 102.6 | 72.2 | 133.3 |
| 1952 | 168.3 | 224.1 | 126.2 | 120.0 | 135.7 | 123.7 | 100.8 | 0.0 |
| 1953 | 162.1 | 162.1 | 120.0 | 86.7 | 139.3 | 139.5 | 101.6 | 66.7 |
| 1954 | 142.8 | 137.9 | 128.5 | 113.3 | 117.1 | 147.4 | 96.0 | 300.0 |

Tabel 33.

Persentasie Ernstige Jeugmisdaad met 1947 as Basis. Jeugdige Volwassenes volgens Geslag en Ras, 1945-1954.

| Jaartal | Blankes | | Naturelle | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 1945 | 69.0 | 79.5 | 90.9 | 95.5 | 87.4 | 84.8 | 72.1 | 18.8 |
| 1946 | 84.8 | 84.9 | 90.1 | 91.7 | 99.8 | 94.5 | 86.1 | 158.3 |
| 1947 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |
| 1948 | 109.0 | 163.0 | 99.7 | 106.1 | 109.2 | 84.8 | 98.1 | 31.3 |
| 1949 | 123.1 | 119.2 | 107.4 | 98.5 | 124.4 | 105.2 | 114.3 | 77.1 |
| 1950 | 129.1 | 178.1 | 112.9 | 107.6 | 147.1 | 118.3 | 109.4 | 43.8 |
| 1951 | 129.7 | 176.7 | 115.8 | 119.7 | 149.8 | 112.4 | 105.8 | 110.4 |
| 1952 | 133.9 | 179.5 | 115.7 | 110.6 | 152.8 | 119.7 | 92.6 | 64.6 |
| 1953 | 140.7 | 183.6 | 127.1 | 114.4 | 149.7 | 99.3 | 92.8 | 62.5 |
| 1954 | 136.5 | 224.7 | 134.6 | 135.6 | 155.6 | 157.6 | 86.4 | 58.3 |

Tabel 34.

Die gemiddelde Persentasie Styging vir die 10 Jaar 1945-1954. Jeugdiges volgens Geslag en Ras.

| | Blankes | | Naturelle | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| Alle Jeugmisdaad | 4.7 | 8.7 | 4.0 | .7 | 6.3 | 2.7 | .8 | - .9 |
| Ernstige Jeugmisdaad | 8.1 | 17.1 | 3.3 | 1.7 | 5.9 | 3.7 | -.16 | -18.7 |

Tabel 35.

Die gemiddelde persentasie Styging vir die 10 Jaar 1945-1954. Jeugdige Volwassenes volgens Geslag en Ras.

| | Blankes | | Naturelle | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| Alle Jeugmisdaad | 7.4 | 5.5 | 5.1 | 3.7 | 5.0 | 1.0 | .7 | - 4.0 |
| Ernstige Jeugmisdaad | 7.4 | 11.8 | 4.4 | 3.5 | 7.1 | 4.8 | 1.2 | 2.9 |

Uit Tabelle 30-35 kan die volgende afleidings gemaak word:

1. Wat die Jeugdiges betref, blyk dit uit Tabel 34:

(a) dat die persentasie styging vir die vroulike blankes hoër is as vir die manlike blankes vir Alle Jeugmisdaad sowel as vir Ernstige Jeugmisdaad. Deurgaans is die styging by die vroulikes ongeveer twee maal so hoog as by die manlikes.

(b) By die nie-blanke rasse is die persentasie styging vir die manlike groep altyd hoër as vir die vroulike groep.

2. Die Blanke Jeugdige Volwassenes bied nie presies dieselfde prentjie nie. Hier is die manlike Blankes se styging vir Alle Jeugmisdaad hoër as die vroulikes s'n terwyl dit by die Ernstige Jeugmisdaad die teenoorgestelde is.
3. By die nie-blanke groep vind ons by die Jeugdige Volwassenes feitlik presies dieselfde prentjie as by die Jeugdiges nl. dat die manlike groep deurgaans 'n hoër styging aantoon as die vroulike groep. Op voorgenoemde is daar slegs 'n enkele uitsondering nl. by die Asiate vir Ernstige Jeugmisdaad waar die persentasie styging by die vroulikes die manlikes oortref. Dit moet benadruk word dat die getalle in hierdie gevalle baie klein is en dat daar by die vroulike Asiate soms geen enkele misdaad voorkom nie. In 'n jaar waarin die persentasie styging baie hoog is, mag die werklike misdaadinsidensie onbeduidend wees.
4. Dit is verder ook opvallend dat die persentasie styging by die Blanke vroulikes hoër is vir Ernstige as vir Alle Jeugmisdaad by albei die ouderdomsgroepe. Hierdie verskynsel kom ook by albei die ouderdomsgroepe van die Kleurlinge voor.
5. Slegs by die Blanke groep tref ons 'n hoër persentasie styging aan by die Jeugdiges as by Jeugdige Volwassenes.

5. <u>Samevatting</u>

Die besprekings in die vorige afdeling kan kortliks as volg saamgevat word:

1. By albei die ouderdomsgroepe styg die Blankes se Ernstige Jeugmisdaad vinniger as die van die ander rasse. Die snelle styging in die enkele oortreding 087 is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Ook

50/....

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL



vir Alle Jeugmisdaad toon die Jeugdige Volwasse Blankes die grootste styging terwyl die vinnigste styging vir die Jeugdige groep by die Kleurlinge lê wat betref Alle Jeugmisdaad. Met ander woorde, by die Blankes is die styging in Jeugmisdaad deurgaans die hoogste behalwe vir die Jeugdige groep wat betref Alle Jeugmisdaad en dit word teweeggebring deur die geringe bydrae van Nie-Ernstige Jeugmisdaad.

2. By Ernstige Jeugmisdaad is die hoogste persentasie styging by die Blanke Jeugdige groep. Vir Alle Jeugmisdaad is die hoogste persentasie styging by die Jeugdige Kleurlinge en Asiate.

3. Die vroulik groep, sowel Jeugdig as Jeugdig Volwasse, vertoon by die Blankes 'n groter styging by Ernstige Jeugmisdaad as die manlike groep. Die hoogste styging in Ernstige Jeugmisdaad by die nie-blankes word in albei ouderdomsgroepe by die manlike groep aangetref.

'n Groot gedeelte van die Ernstige Jeugmisdaad waaraan die Blankes hulle skuldig maak, asook die relatiewe snel toename in Ernstige Jeugmisdaad, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die groot en stygende aantal vonnisse weens die Rybewyswetgewing (oortreding 087). Sedert die nuwe Kodelys in 1949 in gebruik geneem is, is oortreding 087 tot 'n ernstige misdaad verklaar.

Wat die relatiewe vinnige styging by die Blanke dogters betref, moet onthou word dat hier met klein syfers gewerk word. So bv. was die skuldigbevinding van dogters tussen 7 en 16 jaar weens Ernstige Jeugmisdaad ongeveer 0.3 per 10,000 in 1945. Dit styg in 1952 tot 1.3 per 10,000 wat op sigself nog geen hoë insidensie is nie, dog tog 'n hoë persentasie styging aantoon. By die bestudering van hierdie styging in jeugmisdaad, is dit noodsaaklik om hierdie feit in gedagte te hou.

51/....

36359

# HOOFSTUK V.

## JEUGMISDAAD VIR BLANKES ONTLEED VOLGENS OUDERDOMME IN ENKEL JARE.

1. Die omvang vir ouderdomme in enkel jare.

In hierdie afdeling vind 'n ontleding plaas van jeugmisdaad by Blankes, volgens ouderdom in enkel jare. Hierdie ontleding is slegs vir Blankes onderneem. Daar heers te veel onsekerheid oor die ouderdomme van nie-blankes om 'n ontleding te regverdig.

Die basiese gegewens vir hierdie afdeling word as aanhangsel 4 en 5 agter aan die verslag gegee. Die gegewens wat hier bespreek word, is in verhouding gestel tot die bevolking en verskyn in Tabelle 36, 37, 38 en 39. Uit bogenoemde tabelle blyk dit dat die ouderdom en misdaad-insidensie oor die hele tydperk vanaf 1945-1954 direk eweredig is vir sowel Alle Jeugmisdaad as Ernstige Jeugmisdaad by seuns en dogters d.w.s. hoe ouer die groep word, hoe groter is die deelname aan ongewensde dade. Die enigste uitsondering op hierdie reël is te vind in Tabel 39. Hier kom dit soms voor dat die misdaad-insidensie by 'n ouderdomsgroep net so hoog of soms selfs laer is as wat dit die geval met die vorige ouderdom was. Voorbeelde hiervan bestaan by die 17- en 18-jaar groepe in 1953, 17- en 18-jaar groepe in 1952, 15-jaar groep asook die 17- en 18-jaar groepe in 1949. Wat Tabel 39 betref kan hierdie skynbare onreëlmatigheid toegeskryf word aan die klein getalle waarmee hier gewerk word.

Ten einde die gegewens oor die hele 10 jaar van 1945-1954 meer bruikbaar te maak, is die gemiddelde misdaadinsidensie per 10,000 van die betrokke bevolkingsgroep uit die gemiddelde misdaad-insidensie en gemiddelde bevolkingsgrootte bereken. Hierdie gegewens word weergegee in Figure 21, 22, 23 en 24 en kom ook voor as 'n deel van Tab. 40, 41, 42 en 43.

1. Uit die kolomme in Tab. 40 en van Fig. 23 blyk dit dat die

18-jarige groep in 'n baie geringe mate uitstyg bo die 17-jarige groep in vergelyking met die styging van die 17-jarige teenoor 16-jarige groep, die 16-jarige teenoor die 15-jarige, en laasgenoemde teenoor die onder 15-groep.

Tabel 36.

Omvang van Alle Misdaad by Blanke Seuns volgens Ouderdomme in enkel Jare per 10,000 van Bevolking.

| Jaartal | Onder 15 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | 20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 25.2 | 125.0 | 244.9 | 313.7 | 371.1 | 511.1 | 626.9 |
| 1946 | 18.3 | 123.3 | 199.1 | 282.6 | 373.1 | 609.8 | 769.7 |
| 1947 | 22.9 | 146.8 | 237.5 | 344.2 | 474.7 | 674.3 | 879.3 |
| 1948 | 27.2 | 156.1 | 260.8 | 315.3 | 514.3 | 751.6 | 979.3 |
| 1949 | 24.3 | 142.1 | 302.8 | 385.0 | 562.9 | 796.4 | 1046.7 |
| 1950 | 31.1 | 164.7 | 299.5 | 427.4 | 630.7 | 870.6 | 1029.6 |
| 1951 | 32.7 | 195.2 | 321.0 | 437.4 | 651.7 | 892.5 | 1095.5 |
| 1952 | 35.2 | 181.4 | 320.2 | 432.7 | 628.8 | 881.6 | 1355.8 |
| 1953 | 35.4 | 177.7 | 330.6 | 482.5 | 709.2 | 1033.3 | 1367.9 |
| 1954 | 33.2 | 191.3 | 315.2 | 456.1 | 709.6 | 981.1 | 1276.4 |

Tabel 37.

Omvang van Alle Misdaad by Blanke Dogters volgens Ouderdom in enkel Jare per 10,000 van Bevolking.

| Jaartal | Onder 15 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | 20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 1.3 | 10.4 | 19.0 | 22.4 | 43.2 | 59.6 | 83.0 |
| 1946 | 1.0 | 10.0 | 15.0 | 21.6 | 31.1 | 46.2 | 64.1 |
| 1947 | 1.4 | 12.4 | 21.8 | 29.4 | 32.8 | 49.5 | 90.0 |
| 1948 | 1.0 | 6.7 | 17.5 | 26.0 | 47.2 | 56.7 | 99.0 |
| 1949 | 1.2 | 9.7 | 21.3 | 23.2 | 45.0 | 51.4 | 84.6 |
| 1950 | 1.9 | 16.7 | 22.2 | 26.7 | 43.2 | 58.1 | 92.2 |
| 1951 | 2.0 | 14.3 | 29.0 | 41.7 | 63.7 | 71.6 | 85.8 |
| 1952 | 2.8 | 17.5 | 38.0 | 43.5 | 51.9 | 51.5 | 87.3 |
| 1953 | 3.4 | 16.5 | 28.4 | 36.3 | 54.7 | 82.4 | 106.4 |
| 1954 | 2.9 | 17.5 | 25.2 | 36.8 | 62.8 | 92.1 | 132.4 |

Tabel 38.

Die Omvang van Ernstige Misdaad per 10,000 van Bevolking vir Blanke seuns volgens Ouderdomme in enkel jare.

| Jaartal | Onder 15 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | 20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 5.1 | 25.4 | 46.3 | 62.7 | 71.1 | 84.5 | 100.5 |
| 1946 | 5.6 | 32.3 | 54.2 | 69.7 | 82.5 | 122.9 | 117.8 |
| 1947 | 6.2 | 41.7 | 57.1 | 96.5 | 95.9 | 132.4 | 138.9 |
| 1948 | 8.1 | 48.1 | 73.7 | 110.3 | 112.9 | 133.0 | 148.1 |
| 1949 | 7.0 | 38.9 | 84.1 | 126.8 | 124.0 | 146.6 | 170.3 |
| 1950 | 10.5 | 53.8 | 91.2 | 109.6 | 131.1 | 166.1 | 186.1 |
| 1951 | 9.1 | 51.7 | 83.1 | 136.4 | 134.6 | 164.0 | 161.8 |
| 1952 | 12.7 | 57.2 | 99.1 | 152.3 | 133.0 | 154.7 | 176.5 |
| 1953 | 12.6 | 51.2 | 95.3 | 130.1 | 140.8 | 180.3 | 201.1 |
| 1954 | 10.6 | 49.4 | 82.8 | 127.4 | 146.7 | 172.4 | 186.3 |

Tabel 39.

Die Omvang van Ernstige Misdaad by Blanke dogters per 10,000 van Bevolking volgens Ouderdomme in enkel Jare.

| Jaartal | Onder 15 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | 20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945 | 0 | 2.4 | .5 | 2.4 | 7.0 | 7.1 | 6.7 |
| 1946 | .11 | .91 | .47 | 5.4 | 8.7 | 3.5 | 7.1 |
| 1947 | .22 | 1.9 | 2.3 | 5.1 | 6.9 | 6.3 | 11.0 |
| 1948 | .11 | 1.4 | 2.4 | 5.9 | 9.9 | 12.3 | 19.9 |
| 1949 | .42 | .0 | 5.3 | 8.2 | 7.8 | 8.6 | 10.4 |
| 1950 | .36 | 3.3 | 3.4 | 6.4 | 10.7 | 17.1 | 17.6 |
| 1951 | .50 | 1.3 | 6.1 | 12.3 | 10.3 | 13.0 | 16.0 |
| 1952 | .73 | 2.6 | 5.0 | 10.2 | 13.1 | 13.1 | 16.1 |
| 1953 | .14 | 2.5 | 6.6 | 11.7 | 11.7 | 13.7 | 16.7 |
| 1954 | .37 | 1.2 | 4.2 | 10.8 | 14.3 | 17.7 | 23.5 |

54/....

Tabel 40.

Ernstige Misdaad vir Blanke Seuns.

| A<br>Ouderdom. | B<br>Gem. van bevolking 1945-1954 | C<br>Gem. Misdaad insidensie 1945 tot 1954 | D<br>Gem. Misdaad per 10,000 van bevolking | E<br>Vermeerdering van Misdaad op vorige ouderdom. | F<br>Persentasie styging op vorige ouderdom. | G<br>Persentasie van groep se bydrae tot totale misdaad-insidendie 7-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Onder 15 jr. | 199,420 | 178 | 8.9 | | | 1.3 |
| 15 jr. | 22,750 | 103 | 45.3 | 36.4 | 409.0 | 6.8 |
| 16 jr. | 22,390 | 172 | 76.8 | 31.5 | 69.5 | 11.5 |
| 17 jr. | 22,000 | 247 | 112.3 | 35.5 | 46.2 | 16.9 |
| 18 jr. | 21,630 | 255 | 117.9 | 5.6 | 5.0 | 17.7 |
| 19 jr. | 21,320 | 311 | 145.9 | 28.0 | 23.7 | 21.9 |
| 20 jr. | 21,060 | 335 | 159.1 | 13.2 | 9.0 | 23.9 |

Tabel 41.

Ernstige Misdaad vir Blanke Dogters.

| A<br>Ouderdom. | B<br>Gem. van bevolking 1945-1954. | C<br>Gem. Misdaad insidensie 1945 tot 1954. | D<br>Gem. Misdaad per 10,000 van bevolking. | E<br>Vermeerdering van misdaad op vorige ouderdom. | F<br>Persentasie styging op vorige ouderdom. | G<br>Persentasie van groep se bydrae tot totale misdaad-insidensie 7-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Onder 15 jr. | 192,970 | 6 | .3 | | | .6 |
| 15 jr. | 22,040 | 4 | 1.8 | 1.5 | 500 | 3.6 |
| 16 jr. | 21,610 | 8 | 3.7 | 1.9 | 105.6 | 7.5 |
| 17 jr. | 21,250 | 17 | 8.0 | 4.3 | 116.2 | 16.1 |
| 18 jr. | 20,920 | 21 | 10.0 | 2.0 | 25.0 | 20.2 |
| 19 jr. | 20,650 | 23 | 11.1 | 1.1 | 11.0 | 22.4 |
| 20 jr. | 20,420 | 30 | 14.7 | 3.6 | 32.4 | 29.6 |

Tabel 42.

Alle Misdaad by Blanke Seuns.

| Ouderdom. | Gem. van bevolking 1945-1954 | Gem. Misdaad-insidensie 1945 tot 1954. | Gem. Misdaad per 10,000 van bevolking | Vermeerdering van Misdaad op vorige ouderdom. | Persentasie styging op vorige ouderdom. | Persentasie van groep se bydrae tot totale misdaad-insidensie 7-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Onder 15 jr. | 199,420 | 577 | 28.9 | | | .9 |
| 15 jr. | 22,750 | 367 | 161.3 | 132.4 | 458.1 | 4.9 |
| 16 jr. | 22,390 | 635 | 283.6 | 122.3 | 75.8 | 8.6 |
| 17 jr. | 22,000 | 868 | 394.5 | 110.9 | 39.1 | 12.0 |
| 18 jr. | 21,630 | 1221 | 564.0 | 169.5 | 43.0 | 17.2 |
| 19 jr. | 21,320 | 1711 | 802.5 | 238.5 | 42.3 | 24.5 |
| 20 jr. | 21,060 | 2204 | 1046.5 | 244.0 | 30.4 | 31.9 |

Tabel 43.

Alle Misdaad by Blanke Dogters.

| Ouderdom. | Gem. van bevolking 1945-1954. | Gem. Misdaad insidensie 1945 tot 1954. | Gem. Misdaad per 10,000 van bevolking | Vermeerdering van Misdaad op vorige ouderdom. | Persentasie styging op vorige ouderdom. | Persentasie van groep se bydrae tot totale misdaad-insidensie 7-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Onder 15 jr. | 192,970 | 38 | 2.0 | | | .7 |
| 15 jr. | 22,040 | 29 | 13.2 | 11.2 | 560.0 | 4.8 |
| 16 jr. | 21,610 | 52 | 24.1 | 10.9 | 82.6 | 8.8 |
| 17 jr. | 21,250 | 66 | 31.1 | 7.0 | 29.0 | 11.4 |
| 18 jr. | 20,920 | 100 | 47.8 | 16.7 | 53.7 | 17.5 |
| 19 jr. | 20,650 | 128 | 62.0 | 14.2 | 29.7 | 22.7 |
| 20 jr. | 20,420 | 189 | 92.6 | 30.6 | 49.4 | 33.9 |

56/....

M.a.w. wat seuns betref, is daar by die 18-jarige groep t.o.v. Ernstige Jeugmisdaad 'n vermindering in die tempo van toename volgens ouderdom. Hierdie verskynsel is egter nie algemeen nie want in die Tabelle vir Alle Jeugmisdaad en by die dogters is niks in dié rigting te bespeur nie.

2. Voorts is uit Tabelle 40, 41, 42 en 43 (waarin die verskille in die insidensie van 'n ouderdomsgroep altyd met die insidensie van die vorige ouderdomsgroep in verband gebring word) op te merk dat die persentasie verskil op die vorige ouderdom se omvang van misdaad by die 15-jarige groep altyd baie hoog is. Hierdie verskynsel kan maklik verkeerdelik geïnterpreteer word as 'n abnormale hoë aandeel aan misdaad deur die 15-jarige groep. In werklikheid is die onder 15-jarige groep se misdaad-insidensie besonder laag deurdat die bevolking vir die hele groep (d.w.s. 7-15 jaar) in verband gebring word met die misdaad van die 7-15-jaar groep. Die misdaad kom tot 'n baie groot mate slegs voor by die boonste jare van die Jeugdige groep nl. die 13- tot 15-jariges.

3. Uit kolom F blyk dit dat (uitgeslote die hoë omvang van die 15-jaar groep wat reeds bespreek is) by die seuns by Ernstige sowel as Alle Jeugmisdaad, die 16-jarige groep die hoogste persentasie verskil op die vorige ouderdomsgroep vertoon.

4. By Blanke dogters is die hoogste persentasie verskil op die vorige ouderdomsgroep vir Alle Jeugmisdaad ook op die ouderdom van 16 jaar terwyl dit by Ernstige Jeugmisdaad by die 17-jarige groep aangetref word. Die persentasie verskil van die 16-jariges op die vorige ouderdom is ook baie hoog.

5. Tabel 44 is saamgestel uit Tabelle 40 tot 43. Uit hierdie tabel blyk een verskynsel wat gevolgtrekkings staaf wat in vorige dele gemaak is, nl. dat Blanke seuns in die Jeugdige ouderdomsgroepe 'n groter aandeel aan Ernstige

Jeugmisdaad het as wat hulle het aan Alle Jeugmisdaad. Slegs in die twee hoogste ouderdomsgroepe is die bydrae van die seuns tot Alle Jeugmisdaad groter as tot Ernstige Jeugmisdaad. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die Blanke seuns in die jonger ouderdomsgroepe relatief meer geneig is tot Ernstige as Nie-Ernstige Jeugmisdaad as die hoër ouderdomsgroepe.

Tabel 44.

Die Persentasie Bydrae van Blanke Jeugdiges volgens Ouderdom tot die Totale Misdaadomvang van al die Ouderdomme.

| Ouderdom | SEUNS | | DOGTERS | |
|---|---|---|---|---|
| | Persentasie van totaal Ernstige Misdaad | Persentasie van Alle Misdaad | Persentasie van totaal Ernstige Misdaad | Persentasie van totaal Alle Misdaad |
| Onder 15 jr. | 1.3 | .9 | .6 | .7 |
| 15 jr. | 6.8 | 4.9 | 3.6 | 4.8 |
| 16 jr. | 11.5 | 8.6 | 7.5 | 8.8 |
| 17 jr. | 16.9 | 12.0 | 16.1 | 11.4 |
| 18 jr. | 17.7 | 17.2 | 20.2 | 17.5 |
| 19 jr. | 21.9 | 24.5 | 22.4 | 22.7 |
| 20 jr. | 23.9 | 31.9 | 29.6 | 33.9 |

## Tabel 45.

**Die Omvang van Ernstige Jeugmisdaad by Blankes vir die Jare 1945 - 1954 as Persentasie van die Omvang in 1947 vir die Ouderdomme in enkel Jare vir albei geslagte.**

| Jaar | Onder 15 jr. | | | 15 jr. | | | 16 jr. | | | Totaal seuns 7-16 jr. | Totaal Dogters 7-16 jr. | Totaal Seuns & Dogters 7-16 jr. | 17 jr. | | | 18 jr. | | | 19 jr. | | | 20 jr. | | | Totaal Seuns 17-20 jr. | Totaal Dogters 17-20 jr. | Totaal Seuns & Dogters 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | T | S | D | T | S | D | T | | | | S | D | T | S | D | T | S | D | T | S | D | T | | | |
| 1945 | 82.3 | 0.0 | 78.8 | 60.9 | 126.3 | 64.7 | 81.1 | 21.7 | 80.7 | 76.6 | 48.3 | 75.3 | 65.0 | 47.1 | 63.7 | 74.1 | 101.5 | 75.0 | 63.8 | 112.7 | 66.7 | 72.4 | 60.9 | 72.2 | 69.0 | 79.5 | 69.5 |
| 1946 | 90.3 | 50.0 | 87.9 | 77.5 | 47.9 | 75.6 | 94.9 | 20.4 | 93.7 | 90.3 | 39.7 | 88.3 | 72.2 | 105.9 | 74.2 | 86.0 | 126.1 | 87.7 | 92.8 | 55.6 | 91.6 | 84.8 | 64.5 | 84.6 | 84.8 | 84.9 | 85.1 |
| 1947 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |
| 1948 | 130.7 | 50.0 | 127.3 | 115.4 | 73.7 | 113.6 | 129.1 | 104.3 | 128.7 | 122.8 | 75.9 | 120.8 | 114.3 | 115.7 | 112.7 | 117.7 | 143.5 | 119.2 | 100.5 | 195.2 | 106.3 | 106.6 | 180.9 | 111.8 | 109.0 | 163.0 | 112.0 |
| 1949 | 112.9 | 190.9 | 115.2 | 93.3 | 0 | 90.1 | 147.3 | 230.4 | 151.3 | 115.2 | 139.7 | 115.6 | 131.4 | 160.8 | 131.3 | 129.3 | 113.0 | 125.8 | 110.7 | 136.5 | 113.4 | 122.6 | 94.5 | 122.7 | 123.1 | 119.2 | 122.8 |
| 1950 | 169.4 | 163.6 | 166.7 | 129.0 | 173.7 | 130.8 | 159.7 | 147.8 | 161.0 | 147.6 | 151.7 | 146.8 | 113.6 | 152.5 | 113.1 | 136.7 | 155.1 | 136.2 | 125.5 | 271.4 | 131.0 | 134.0 | 160.0 | 138.3 | 129.1 | 178.1 | 131.5 |
| 1951 | 146.8 | 227.3 | 148.5 | 124.0 | 68.4 | 124.7 | 145.5 | 265.2 | 150.0 | 133.8 | 189.1 | 135.1 | 141.3 | 241.2 | 145.8 | 140.4 | 149.3 | 139.5 | 123.9 | 206.3 | 128.0 | 116.5 | 145.5 | 118.2 | 129.7 | 176.7 | 131.8 |
| 1952 | 204.8 | 331.8 | 206.1 | 137.2 | 136.8 | 137.1 | 173.6 | 217.4 | 176.0 | 168.3 | 224.1 | 168.8 | 157.8 | 200.0 | 157.5 | 138.6 | 189.9 | 141.0 | 116.8 | 207.9 | 121.3 | 127.1 | 146.4 | 128.9 | 133.9 | 179.5 | 135.8 |
| 1953 | 203.2 | 63.6 | 197.0 | 122.8 | 131.6 | 123.1 | 166.9 | 287.0 | 171.7 | 162.1 | 162.1 | 161.0 | 134.8 | 229.4 | 137.9 | 146.8 | 169.6 | 145.9 | 136.2 | 217.5 | 141.1 | 144.8 | 151.8 | 145.8 | 140.7 | 183.6 | 142.5 |
| 1954 | 171.0 | 168.2 | 169.7 | 118.5 | 63.2 | 116.3 | 145.0 | 182.6 | 146.7 | 142.8 | 137.9 | 141.6 | 132.0 | 211.8 | 134.4 | 153.0 | 207.3 | 154.5 | 130.2 | 281.0 | 136.6 | 134.1 | 213.6 | 141.3 | 136.5 | 224.7 | 140.8 |

## Tabel 46.

**Die Omvang van alle Jeugmisdaad by Blankes vir die Jare 1945 - 1954 as 'n Persentasie van die Omvang in 1947 vir die Ouderdomme in enkel Jare vir albei Geslagte.**

| Jaar | Onder 15 jr. | | | 15 jr. | | | 16 jr. | | | Totaal Seuns 7-16 jr. | Totaal Dogters 7-16 jr. | Totaal Seuns & Dogters 7-16 jr. | 17 jr. | | | 18 jr. | | | 19 jr. | | | 20 jr. | | | Totaal Seuns 17-20 jr. | Totaal Dogters 17-20 jr. | Totaal Seuns & Dogters 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | T | S | D | T | S | D | T | | | | S | D | T | S | D | T | S | D | T | S | D | T | | | |
| 1945 | 110.0 | 92.9 | 108.9 | 85.2 | 83.9 | 86.2 | 103.1 | 87.2 | 104.1 | 102.2 | 86.7 | 101.6 | 91.1 | 76.2 | 89.2 | 78.2 | 131.7 | 80.3 | 75.8 | 120.4 | 79.6 | 71.3 | 92.2 | 73.8 | 77.6 | 103.2 | 79.4 |
| 1946 | 79.9 | 71.4 | 79.0 | 84.0 | 80.7 | 83.2 | 83.8 | 68.8 | 84.2 | 84.5 | 73.3 | 83.9 | 82.1 | 73.5 | 81.8 | 78.6 | 94.8 | 78.5 | 90.4 | 93.3 | 91.0 | 87.5 | 71.2 | 87.3 | 86.3 | 81.0 | 86.1 |
| 1947 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 100.0 |
| 1948 | 118.3 | 71.4 | 115.3 | 106.3 | 54.0 | 102.5 | 109.8 | 80.3 | 108.1 | 109.2 | 66.7 | 106.3 | 109.0 | 88.4 | 105.9 | 108.3 | 143.9 | 110.2 | 111.5 | 114.6 | 113.5 | 111.4 | 110.0 | 111.0 | 110.8 | 113.4 | 110.9 |
| 1949 | 106.1 | 85.7 | 104.0 | 96.8 | 78.2 | 96.3 | 127.5 | 97.7 | 126.1 | 107.0 | 82.2 | 105.6 | 111.9 | 78.9 | 108.2 | 118.6 | 137.2 | 117.3 | 118.1 | 103.8 | 118.8 | 119.0 | 94.0 | 118.6 | 119.0 | 101.4 | 117.7 |
| 1950 | 135.8 | 135.7 | 135.5 | 112.2 | 134.7 | 113.9 | 126.1 | 101.8 | 125.9 | 120.0 | 111.1 | 119.7 | 124.2 | 90.8 | 120.4 | 132.9 | 131.7 | 130.9 | 129.1 | 117.4 | 127.5 | 117.1 | 102.4 | 117.8 | 127.0 | 110.2 | 125.3 |
| 1951 | 142.8 | 142.9 | 141.9 | 133.0 | 115.3 | 131.9 | 135.2 | 133.0 | 135.5 | 130.6 | 122.2 | 129.9 | 127.1 | 141.8 | 127.8 | 137.3 | 194.2 | 139.2 | 132.4 | 144.7 | 133.7 | 124.6 | 95.3 | 121.4 | 131.9 | 132.2 | 131.4 |
| 1952 | 153.7 | 200.0 | 155.7 | 123.6 | 141.1 | 125.0 | 134.8 | 174.3 | 139.0 | 133.0 | 162.2 | 135.2 | 125.7 | 148.0 | 125.5 | 132.5 | 158.2 | 133.0 | 130.7 | 104.0 | 129.5 | 154.2 | 97.0 | 149.5 | 140.7 | 117.2 | 138.3 |
| 1953 | 134.6 | 242.9 | 158.1 | 121.1 | 133.1 | 121.9 | 139.2 | 130.3 | 139.2 | 135.1 | 151.1 | 136.2 | 140.2 | 123.5 | 137.3 | 149.4 | 166.8 | 147.7 | 153.2 | 166.5 | 155.7 | 155.6 | 118.2 | 152.8 | 151.6 | 138.0 | 150.0 |
| 1954 | 145.0 | 207.1 | 147.6 | 130.3 | 141.1 | 131.2 | 132.7 | 115.6 | 131.9 | 131.7 | 140.0 | 131.9 | 132.5 | 125.2 | 130.4 | 149.5 | 191.5 | 149.8 | 145.5 | 186.1 | 147.9 | 145.2 | 147.1 | 146.7 | 144.0 | 158.8 | 144.4 |

Tabel 47.

Die Persentasie Styging op vorige Jaar en die Gemiddelde Persentasie Styging oor hele Tydperk van 1945 - 1954 vir Blanke Jeugmisdaad volgens Geslag en Ouderdom.

| | Onder 15 jr. | | | 15 jr. | | | 16 jr. | | | Totaal 7-16 jr. | | | 17 jr. | | | 18 jr. | | | 19 jr. | | | 20 jr. | | | Totaal 17-20 jr. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | Totaal | S | D | Totaal | S | D | Totaal | S | D | Totaal | S | D | Totaal | S | D | Totaal | S | D | Totaal | S | D | Totaal | S | D | Totaal |
| Ernstige Jeugmisdaad | 10.6 | 42.3 | 10.9 | 7.1 | 4.6 | 6.8 | 7.7 | 30.5 | 8.1 | 8.1 | 17.1 | 8.2 | 8.5 | 15.9 | 8.8 | 7.8 | 22.0 | 7.7 | 6.7 | 14.5 | 7.0 | 6.8 | 12.3 | 7.2 | 7.4 | 11.8 | 7.6 |
| Alle Jeugmisdaad | 6.3 | 14.1 | 6.7 | 5.2 | 8.0 | 5.3 | 22.3 | 7.1 | 5.0 | 4.7 | 8.7 | 5.0 | 5.4 | 7.3 | 5.5 | 7.9 | 6.5 | 7.7 | 7.3 | 5.6 | 7.0 | 8.1 | 4.5 | 7.7 | 7.4 | 5.5 | 7.1 |

Tabel 48.

Die Persentasie Styging op vorige Jaar en die Gemiddelde Styging oor die hele Tydperk van 1945-1954 vir Blanke Seuns volgens Ouderdom.

| | Onder 15 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | 20 jr. | Totaal 7-16 jr. | Totaal 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ernstige Jeugmisdaad . . . . . . | 10.6 | 7.1 | 7.7 | 8.5 | 7.8 | 6.7 | 6.8 | 8.1 | 7.4 |
| Alle Jeugmisdaad | 6.3 | 5.2 | 4.9 | 5.4 | 7.9 | 7.3 | 8.1 | 4.7 | 7.4 |

Tabel 50.

Die Persentasie Styging op vorige Jaar en die Gemiddelde Styging oor die hele tydperk van 1945 - 1954 vir Blanke Jeugdiges volgens Ouderdom.

| | Onder 15 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | 20 jr. | Totaal 7-16 jr. | Totaal 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ernstige Jeugmisdaad | 10.9 | 6.8 | 8.1 | 8.8 | 7.7 | 7.0 | 7.2 | 8.2 | 7.6 |
| Alle Jeugmisdaad | 6.7 | 5.3 | 5.0 | 5.5 | 7.7 | 7.0 | 7.7 | 5.0 | 7.1 |

Tabel 49.

Die Persentasie Styging op vorige Jaar en die Gemiddelde Styging oor die hele tydperk van 1945 - 1954 vir Blanke Dogters volgens Ouderdom.

| | Onder 15 jr. | 15 jr. | 16 jr. | 17 jr. | 18 jr. | 19 jr. | 20 jr. | Totaal 7-16 jr. | Totaal 17-20 jr. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ernstige Jeugmisdaad | 42.3 | 4.6 | 30.5 | 15.9 | 22.0 | 14.5 | 12.3 | 17.1 | 11.8 |
| Alle Jeugmisdaad | 14.1 | 8.0 | 7.1 | 7.3 | 6.5 | 5.6 | 4.5 | 8.7 | 5.5 |

2. Die styging vir verskillende ouderdomme in enkel jare.

Die basiese gegewens vir hierdie afdeling word gegee in Tabelle 45 en 46 terwyl die groeikurwes in Figure 25 - 33 die styging aantoon oor die tien jaar 1945 - 1954.

(a) Alle Jeugmisdaad.

Gegewens op ouderdomsbasis ingedeel, word voorgestel in Figure 25, 26 en 27 en Tabelle 47, 48, 49 en 50 bevat die werklike persentasie styging.
(Die gegewens in tabelle 47 tot 50 dui die gemiddelde misdaad-insidensie per 10,000 van bevolking aan vir die jare 1945-1954 wat verkry is van die R.G. van die Misdaad-insidensie en die R.G. van die bevolkingsyfer oor hierdie tydperk).

1. Uit Figuur 25 en Tabel 50, waarin gegewens vir seuns en dogters saamgevat word, blyk dit dat die hoogste styging vir Alle Jeugmisdaad verkry word by die ouderdomsgroep onder 15, 18, 19 en 20 jaar waarvan die persentasie styging oor die 10 jaar onder bespreking respektiewelik 6.7, 7.7, 7.0 en 7.7 is.
2. Word Fig. 26 en Tabel 48 bestudeer om die verskillende ouderdomme by seuns se deelname vas te stel, word gemerk dat dit weereens die onder 15, 18, 19 en 20-jaar groepe is wat die grootste styging vertoon.
3. Tabel 49 en Fig. 27, wat 'n weergawe is van Alle Jeugmisdaad by dogters, bied egter 'n ander patroon aan. Feitlik sonder uitsondering (behalwe 17-jariges) daal die persentasie styging in jeugmisdaad namate na 'n hoër ouderdomsgroep gegaan word. Die groep onder 15 jaar het 'n gemiddelde styging van jaar tot jaar en oor die hele 10 jaar van 14.1% terwyl die 20-jarige groep slegs met 4.5% gestyg het.

(b) Ernstige Jeugmisdaad.

1. By alle Jeugdiges (Fig. 28 en Tabel 50) word die

61/....

hoogste persentasie styging gevind by die jongste groep nl. onder 15 jaar groep terwyl die 17-jariges die tweede hoogste styging toon.

2. Bestudeer ons slegs die gegewens vir die seuns soos dit gevind word in Tabel 48 en Fig. 29 merk ons dat ons hier presies dieselfde beeld kry as by die vorige groep en dit dus daarop wys dat die seuns die vernaamste rol in die misdaad speel.

3. By die dogters word weereens ander neiginge aangetref. Blykens Tabel 49 word die hoogste persentasie styging vir Ernstige Jeugmisdaad net soos by Alle Jeugmisdaad, weereens by die jongste ouderdomsgroep aangetref nl. 42.3% terwyl die 15-jariges die geringste persentasie styging van 4.6% aantoon. Hierdie skynbaar onrusbarende verskynsel moet verder toegelig word. Die misdaad-insidensie by die dogters van hierdie groep vir Ernstige Jeugmisdaad is uiters laag. In 1945 het byvoorbeeld geen veroordeling van 'n dogter weens 'n ernstige wetsoortreding voorgekom nie. Dit is dus te begrype dat slegs 'n paar ootredings 'n groot persentasie styging sal teweegbring. Hierteenoor is die dogters in die 15-jarige groep egter in 'n veel gunstiger posisie.

(c) <u>Die styging of toename in jeugmisdaad vir Blankes vergelyk ten opsigte van ouderdom, aard van oortreding en geslag.</u>

1. Die gegewens vir hierdie afdeling word gevind in die laaste twee kolomme van Tabel 50 en word weergegee in Fig. 36. Uit hierdie voorstelling blyk dit baie duidelik dat die Jeugdige groep, d.w.s. 7-16 jaar, die hoogste styging, selfs hoër as die Jeugdige Volwassenes, toon in Ernstige Jeugmisdaad terwyl die persentasie styging by Alle Jeugmisdaad by die Jeugdiges baie laer as by die Jeugdige Volwasse groep is. By die Jeugdige Volwasse groep

is daar min verskil in die persentasie styging by Ernstige en Alle Jeugmisdaad.

2. Vir 'n vergelyking op 'n geslagsbasis moet gegewens in Tabelle 48 en 49 se laaste twee kolomme vergelyk word asook Figure 30 en 32.

(a) By die Jeugdiges sowel as die Jeugdige Volwassenes vertoon die vroulike groep 'n hoër persentasie styging as die manlike groep in Ernstige Jeugmisdaad.

(b) Die verskil in die persentasie styging tussen die vroulike en manlike groep by Jeugdiges in Ernstige Jeugmisdaad is nog groter as wat dit by die Jeugdige Volwasse groep is. Die oorsaak hiervan is die snelle toename in misdaad by dogters onder 17 jaar wat reeds bespreek is.

3. <u>Samevatting.</u>

1. Die gewone bevinding van ondersoekers dat 'n sekere ouderdom se misdaad-insidensie 'n hoogtepunt vorm, word in hierdie ondersoek nie gestaaf nie. Die insidensie van misdaad styg namate die ouderdom toeneem.

2. In enkele gevalle word 'n afname in die stygingstempo vir elke ouderdom opgemerk, dog dit kom nie so reëlmatig voor dat gevolgtrekkings daaruit gemaak kan word nie.

3. Wat die persentasie styging betref, vertoon die Misdaadsyfer van die onder 15-jaar groep seuns en dogters 'n neiging om vinniger te styg as die ander ouderdomme. Die persentasie styging van Ernstige Misdaad van seuns is eerder omgekeer eweredig as eweredig aan die styging in ouderdom. Die invloed van klein aanvangsyfers moet hier in gedagte gehou word.

4. Alhoewel die omvang van Misdaad by dogters in alle ouderdomme laer is as die omvang by seuns in die ooreenstemmende ouderdomme, word met enkele uitsonderings gevind dat die persentasie styging by dogters hoër is as by seuns.

5. Die persentasie styging by seuns neem toe namate die ouderdom styg terwyl die teenoorgestelde by die dogters gebeur. Die groter klem vir die seun op die beroepslewe en sy groter deelname daaraan mag in 'n mate vir hierdie verskynsel verantwoordelik wees. Die relatief jeugdiger huwelike van die vroulike groep sal ook in 'n mate die misdadigheid by dogters in die hoër ouderdomme laat daal want die huwelik en gesinslewe vorm vir die vrou 'n bolwerk wat haar beskerm teen misdaad.

# H O O F S T U K VI.

## DIE BYDRAE VAN SEKERE GROEPE MISDAAD TOT DIE TOTALE OMVANG.

In hierdie hoofstuk word nagegaan watter groepe misdade die meeste deur Jeugdiges en deur Jeugdige Volwassenes gepleeg word. Vir hierdie doel is sewe groepe misdade opgestel onder die volgende hoofde: Agressiewe Misdade, Ekonomiese Misdade, Geslagsmisdade, Oortreding van Wette op Drank en Verdowingsmiddels, Kwaaddoenery (wat hoofsaaklik bestaan uit Misdade teen die Eiendom sonder persoonlike gewin) Voertuigdiefstal, Motorvoertuigordonnansies en Verkeersregulasies. Hierdie groepering is gedoen uit die 1949-Kodelys. Aangesien gepoog is om die mees resente beeld van die toestande te skets, is 1954 se gegewens gebruik.

Nadat die aantal oortredings vir elke misdaad wat onder bogenoemde groeperinge val, uit die misdaadtabelle van die Buro vir Sensus en Statistiek uitgehaal is, is dit bymekaar getel ten einde die totale getal oortredings onder die bepaalde groepe te kry.

Ooreenkomstig hierdie syfers is die kategorieë se bydrae volgens rangorde ingedeel. Slegs die eerste drie kategorieë vir elke ras, geslag en ouderdomsgroep is gebruik. Die bepaalde misdaad wat in die drie afsonderlike kategorieë die meeste gepleeg word, is ook aangetoon. Die deelname van die belangrikste kategorie, asook die deelname van die misdaad wat die meeste gepleeg word in elke kategorie word in persentasies aangedui.

Alle gegewens waaroor hierdie hoofstuk gaan, word uiteengesit in Tabel 51. Hierdie gegewens sal ook op verskillende basisse vergelyk word.

1. Vergelyk op 'n rasbasis.

By die Jeugdige Volwasse manlikes (17-20 jr.) is daar min ooreenkoms tussen die vier rasse wat betref die

volgorde waarin die groepe oortredinge voorkom.

By die Blankes is die oortreding van Motorvoertuigordonnansies en verkeersregulasies die algemeenste en dit vorm 40% van Alle Jeugmisdade. By die Asiate val hierdie oortreding ook onder die drie eerstes, d.w.s. die drie wat die hoogste misdaadinsidensie vertoon. By die Asiate speel dit egter 'n geringer rol met betrekking tot die totale voorkoms van misdaad nl. met 26.6% van Alle Jeugmisdaad.

Kategorie volgens Ras, Geslag en Ouderdom vir 1954.

SEUNS 7 - 16 JR.

| Misdaadkategorieë gerangskik volgens bydrae tot totaal van misdaad. | Aantal | Persentasie van Alle Misdaad | Mees algemene oortreding in ooreenstemmende groep. | Aantal | Persentasie van Alle Misdaad | Persentasie van Ernstige Misdaad. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | BLANKES | | | | |
| Oortreding van Motorvoertuigordonnansie .......... | 627 | 31.4 | * Bestuur sonder rybewys .................. | 236 | 11.8 | 41.8 |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 557 | 27.9 | Diefstal onder £50 ...................... | 274 | 13.7 | |
| Voertuigdiefstal ............................... | 94 | 4.9 | * Diefstal, motorvoertuie ................. | 41 | 2.1 | 7.3 |
| | | NATURELLE | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 6366 | 38.6 | Diefstal onder £50 ...................... | 3605 | 21.9 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 2023 | 12.3 | Aanranding - gewone ..................... | 970 | 5.9 | |
| Kwaaddoenery ................................... | 991 | 6.0 | Wederregtelike indringing ............... | 628 | 3.8 | |
| | | KLEURLINGE | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 2318 | 45.3 | Diefstal onder £50 ...................... | 1365 | 26.7 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 523 | 10.2 | * Aanranding - Ernstig .................. | 250 | 4.8 | 20.4 |
| Kwaaddoenery ................................... | 226 | 4.4 | Brandstigting onder £50 ................. | 152 | 2.9 | |
| | | ASIATE | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 180 | 32.3 | Diefstal onder £50 ...................... | 110 | 19.7 | |
| Oortreding van Motorvoertuigordonnansie ......... | 93 | 16.6 | Verkeersregulasies ...................... | 46 | 8.2 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 44 | 7.9 | Aanranding - gewone ..................... | 27 | 4.8 | |

DOGTERS 7 - 16 JR.

| Misdaadkategorieë gerangskik volgens bydrae tot totaal van misdaad. | Aantal | Persentasie van Alle Misdaad | Mees algemene oortreding in ooreenstemmende groep. | Aantal | Persentasie van Alle Misdaad | Persentasie van Ernstige Misdaad. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | BLANKES | | | | |
| Oortreding van Motorvoertuigordonnansie ......... | 43 | 25.7 | * Bestuur sonder rybewys .................. | 14 | 8.4 | 66.7 |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 23 | 13.8 | Diefstal onder £50 ...................... | 17 | 10.2 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 8 | 4.8 | Aanranding - gewone ..................... | 8 | 4.8 | |
| | | NATURELLE | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 928 | 37.8 | Diefstal onder £50 ...................... | 809 | 33.0 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 241 | 9.8 | Aanranding -gewone ...................... | 159 | 6.5 | |
| Kwaaddoenery ................................... | 212 | 8.6 | Wederregtelike indringing ............... | 185 | 7.5 | |
| | | KLEURLINGE | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 217 | 39.2 | Diefstal onder £50 ...................... | 208 | 37.5 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 59 | 10.6 | Aanranding - gewone ..................... | 59 | 10.6 | |
| Kwaaddoenery ................................... | 56 | 10.1 | Wederregtelike indringing ............... | 36 | 6.5 | |
| | | ASIATE | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 8 | 20.5 | Diefstal onder £50 ...................... | 7 | 17.9 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 4 | 10.3 | Aanranding - gewone ..................... | 2 | 5.1 | |

* Behoort tot die groep „Ernstige misdade."

TABEL 51.



SEUNS 17-20 JR.

| Misdaadkategorieë gerangskik volgens bydrae tot totaal van misdaad. | Aantal | Persentasie van Alle Misdaad | Mees algemene oortreding in ooreenstemmende groep. | Aantal | Persentasie van Alle Misdaad | Persentasi van Ernstige Misdaad |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | BLANKES | | | | | |
| Oortreding van Motorvoertuigordonnansie ......... | 3014 | 40.0 | Verkeersregulasies ............................ | 822 | 10.9 | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 854 | 11.3 | Diefstal onder £50 ............................ | 540 | 7.2 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 457 | 6.1 | Aanranding - gewone .......................... | 360 | 4.8 | |
| | NATURELLE | | | | | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 8594 | 12.1 | Aanranding - gewone .......................... | 3894 | 5.5 | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 7717 | 10.8 | Diefstal onder £50 ............................ | 4494 | 6.3 | |
| Kwaaddoenery ................................... | 6104 | 8.6 | Wederregtelike indringing ..................... | 5672 | 8.0 | |
| | KLEURLINGE | | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 2769 | 23.2 | Diefstal onder £50 ............................ | 1280 | 10.7 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 2011 | 16.8 | *Aanranding - Ernstig .......................... | 970 | 8.1 | 33.7 |
| Dronkenskap, drank en verdowing ................ | 1494 | 12.5 | Dronkenskap ................................... | 792 | 6.6 | |
| | ASIATE | | | | | |
| Oortreding van Motorvoertuigordonnansie ......... | 615 | 26.6 | Verkeersregulasies ............................ | 326 | 14.1 | |
| Dronkenskap, drank en verdowingsmiddels ......... | 242 | 10.5 | Daggawet ...................................... | 145 | 6.3 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 234 | 10.1 | Aanranding - gewone ........................... | 156 | 6.8 | |
| | DOGTERS 17-20 JR. | | | | | |
| | BLANKES | | | | | |
| Oortreding van Motorvoertuigordonnansie ......... | 248 | 35.8 | * Bestuur sonder rybewys ....................... | 105 | 15.2 | 73.4 |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 60 | 8.7 | Diefstal onder £50 ............................ | 34 | 4.9 | |
| Dronkenskap, drank en verdowingsmiddels ......... | 21 | 3.0 | Dronkenskap ................................... | 7 | 1.0 | |
| | NATURELLE | | | | | |
| Dronkenskap, drank en verdowingsmiddels ......... | 2948 | 18.2 | Onwettige besit van Naturelledrank ........... | 2300 | 14.2 | |
| Kwaaddoenery ................................... | 2133 | 13.2 | Wederregtelike indringing .................... | 2073 | 12.8 | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 2009 | 12.4 | Diefstal onder £50 ............................ | 1731 | 10.7 | |
| | KLEURLINGE | | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 427 | 18.6 | Diefstal onder £50 ............................ | 413 | 18.0 | |
| Dronkenskap, drank en verdowingsmiddels ......... | 291 | 12.7 | Dronkenskap ................................... | 154 | 6.7 | |
| Kwaaddoenery ................................... | 286 | 12.5 | Indringing (wederregtelik) .................... | 186 | 8.1 | |
| | ASIATE | | | | | |
| Ekonomiese misdrywe ............................ | 16 | 19.3 | Diefstal onder £50 ............................ | 13 | 15.7 | |
| Agressiewe misdrywe ............................ | 11 | 13.3 | Aanranding - gewone ........................... | 11 | 13.3 | |
| Dronkenskap, drank en verdowingsmiddels ......... | 6 | 7.2 | Dronkenskap ................................... | 3 | 3.6 | |

Die feit dat hierdie groep oortredinge by hierdie twee rasse so 'n groot rol speel, terwyl dit by geeneen van die ander rasse opgemerk word in die hoogste drie plekke nie, kan op die rol van die hoër lewenspeil by die Blankes en Asiate dui wat hulle meer as die ander twee rassegroepe in aanraking met motorvoertuie bring.

Hierteenoor staan die Naturelle met Agressiewe Misdade bo-aan hulle lys met 12.1% van Alle Jeugmisdade gevolg deur Ekonomiese Misdrywe. By die Kleurlinge is dit net die teenoorgestelde, en Ekonomiese Misdrywe vorm hier 23.2% van Alle Jeugmisdade.

By die dogters van die groep 17-20 jaar blyk dit dat die oortreding van Motorvoertuigordonnansies by Blankes die mees algemene misdaad is en dit verteenwoordig 35.8% van Alle Jeugmisdaad van daardie groep.

Opvallend in hierdie groep is dat oortredings teen Wetgewing op Drank en Verdowingsmiddels by elkeen van die vier rassegroepe ten minste een van die drie eerste plekke inneem.

By die seuns van die ouderdomsgroep 7 - 16 jaar (die Jeugdiges) kom die misdaadgroepe wat by hulle die mees algemeen voorkom meer ooreen by die verskillende rasse. By al drie nie-blanke rasse neem die Ekonomiese Misdrywe die hoogste plek in met 38.6% van Alle Jeugmisdaad by die Naturelle, 45.3% by die Kleurlinge, en 32.3% by die Asiate. Die rol wat Ekonomiese Misdrywe hier speel, is relatief baie hoog en die laer ekonomiese peil in 'n land met 'n hoë ekonomiese standaard het seker iets hiermee te doen. By die Jeugdige Blankes neem die Ekonomiese Misdrywe die tweede hoogste plek in. Oortreding van die Motorvoertuigordonnansies wat 31.4% van Alle Jeugmisdaad vorm, neem die eerste plek in. Weereens is die Asiate se hoër lewenspeil en nouer

kontak met motorvoertuie kenbaar deurdat oortreding van die Motorvoertuigordonnansies verantwoordelik is vir die tweede hoogste plek.

By die dogters van hierdie ouderdomsgroep kry ons dieselfde beeld. By die Blankes kry die oortreding van Motorvoertuigordonnansies die hoogste plek met 25.7% van Alle Jeugmisdaad, by die Naturelle, Kleurlinge en Asiate vind ons die grootste bydrae tot alle misdaad deur Ekonomiese Misdrywe met 37.8%, 39.2% en 20.5% respektiewelik.

2. <u>Vergelyking op ouderdomsbasis.</u>

By die Blankes is die volgorde by die twee ouderdomsgroepe presies dieselfde vir die eerste twee kategorieë. By die Jeugdige Volwassenes wat natuurlik meer met motorvoertuie peuter as die Jeugdige (7-16 jaar) groep, is die bydrae wat oortreding van die Motorvoertuigordonnansies tot die totale misdaadsyfer lewer, hoër as by die Jeugdiges.

By die Naturelle kry ons by albei die ouderdomsgroepe dieselfde kategorieë dog in 'n ander volgorde want Agressiewe en Ekonomiese Misdrywe het plekke omgeruil. Dit is hoofsaaklik aan die hoër ouderdom van die 17-20 jaar groep te wyt dat Agressiewe Misdrywe by hierdie groepe die grootste deelname het aan die misdaad-totale.

Die eerste twee kategorieë kom by die Kleurlinge presies ooreen alhoewel die Ekonomiese Misdrywe by die Jeugdige groep die geweldige bydrae van 45.3% van alle Kleurling-jeugmisdaad lewer. By die derde posisie word die Kwaaddoenery van die Jeugdige groep by die Jeugdige Volwasse groep vervang deur oortredings van Wetgewing met betrekking tot Sterk Drank en Verdowingsmiddels.

Die groter belangstelling in motorvoertuie namate die seun ouer word, blyk baie duidelik as ons die twee Asiate-groepe vergelyk. By die Jeugdige groep het die Ekonomiese Misdrywe nog die eerste plek ingeneem dog by

69/....

die Jeugdige Volwassenes tree die Oortreding van Motorvoertuigordonnansies op die voorgrond.

Word die vroulike groep ook op 'n ouderdomsbasis vergelyk, is dit opmerklik dat by die Blankes slegs die misdaadgroep in die derde posisie verskil. By die ouer groep word Agressiewe Misdade vervang deur oortredinge van Wette op Sterk Drank en Verdowingsmiddels. Die vernaamste misdaad in hierdie groep is dronkenskap blykens die tabel. Opvallend by albei ouderdomsgroepe is die groot rol wat gespeel word deur die Oortreding van Motorvoertuigordonnansies.

Twee kategorieë kom by albei die ouderdomsgroepe van die Naturelle voor dog by die ouer groep, net soos by die Blankes, word die Agressiewe Misdrywe van die Jeugdige groep vervang deur Oortredinge van Drankwetgewing. In dié sin is daar egter 'n verskil tussen die Blanke en die Naturellegroep. Die hoofoortreding by die Blankes in hierdie misdaadgroep is dronkenskap, terwyl die Onwettige besit van Naturelledrank by die Naturelle oorwegend is. Hierin lê ook die verskil tussen die ouer en jonger groep Naturelle. Die vroulike groep by die Jeugdige Volwassenes is meer bedrywig by die brou en bewaring van naturelledrank as die Jeugdige groep.

Ook by die Kleurlinge is daar slegs een kategorie tussen die twee ouderdomsgroepe wat verskil en weereens is dit Agressiewe Misdrywe wat deur Drankwetoortreding vervang word. In hierdie geval net soos by die Blankes, is dit Dronkenskap wat in hierdie groep die oorwegende rol speel. Word die relatiewe deelname in verhouding met die totaal van Alle Jeugmisdaad vergelyk, blyk dit egter dat die Blanke groep se dronkenskap slegs op 1% van alle misdaad staan terwyl dit by die Kleurlinggroep so hoog as 6.7% te staan kom.

Die twee ouderdomsgroepe by die Asiate kom presies ooreen. By albei lewer Ekonomiese Misdrywe die grootste bydrae en wel by altwee ± 20% van Alle Misdaad.

Die oortreding van die Wette op Drank kom hoegenaamd nêrens as een van die drie algemeenste kategorieë voor by die Jeugdige groep nie.

3. Vergelyking op geslagsbasis.

'n Vergelyking op basis van geslag bring ons kortliks tot die volgende afleidings.

By die Jeugdige groepe is daar baie min verskil tussen die seuns en die dogters. Behalwe vir die derde plek by die Asiate en by die Blankes is die volgorde identies. Selfs die persentasie waarvoor die eerste groep oortredinge verantwoordelik is, verskil nie veel by die twee geslagte nie.

Daarenteen vertoon die Jeugdige Volwasse groep geen presiese ooreenkoms as 'n vergelyking op geslagsbasis getref word nie, alhoewel dieselfde kategorieë tog dikwels herhaal word in een van die drie moontlike posisies.

4. Samevatting.

1. Eerstens tree een feit baie sterk op die voorgrond nl. dat by al vier Blankegroepe nl. Jeugdige seuns en dogters sowel as Jeugdige Volwasse seuns en dogters die oortreding van Verkeersreëls en Motorvoertuigwetgewing, die hoogste plek in die rangorde van misdaadkategorieë inneem. Die werklike bydrae wat hierdie kategorie lewer tot die totaal van alle misdaad lê tussen 25.7% en 40%.

2. Een van die drie posisies, by elke ras en ouderdomsgroep behalwe by die Asiate-seuns 17-20 jaar, word altyd geneem deur Ekonomiese Misdrywe.

3. In 9 gevalle van die 16 moontlikhede wat bestaan, vertoon Ekonomiese Misdrywe die hoogste bydrae van alle kategorieë tot die totale omvang van misdaad. Die tweede

hierna is die oortreding van Verkeers- en Motorvoertuigwetgewing. Met ander woorde behalwe vir slegs twee gevalle het Ekonomiese Misdrywe of oortreding van Motorvoertuigordonnansies altyd die grootste bydrae tot die totale misdaadsyfer.

In sy finale vorm kom dit daarop neer dat al vier die eerste plekke by Blankes deur oortreding van Verkeers- en Motorvoertuigwetgewing ingeneem word. Die 12 eerste plekke by die nie-blankes word as volg verdeel:

9 aan Ekonomiese Misdrywe,

1 aan oortreding van Motorvoertuigwette,

1 aan Agressiewe Oortredings en

1 aan Drank- en Dronkenskapwetgewing.

4. Opvallend verder is dat al vier die moontlike tweede plekke by Blankes deur Ekonomiese Misdrywe gevul word. Aan die ander kant word 7 tweede plekke by Nie-blankes deur Agressiewe Misdrywe gevul terwyl dit nêrens by die Blankes in eerste of tweede plek voorkom nie. Agressiewe Misdrywe is dus grootliks die misdaad van die Nie-blanke.

5. Nêrens word Kwaaddoenery by die Blanke in die drie eerste plekke aangetref nie, terwyl dit by die Nie-blanke 7 van die 36 moontlike plekke by elke ras, geslag en ouderdom gevul het.

5. <u>'n Ontleding van die rangorde van spesifieke misdade in die saamgestelde misdaadkategorieë.</u>

(a) In die vorige afdeling is daarop gewys, dat die oortreding van Motorvoertuigwetgewing die belangrikste rol by die Blanke speel. In drie van die vier Blankegroepe, is die Bestuur van 'n Motorvoertuig Sonder 'n Rybewys die belangrikste oortreding in daardie kategorie. Slegs by die seuns, 17-20 jaar, kom die oortreding van Verkeersregulasies meer voor as eersgenoemde.

Die werklike rol wat hierdie oortreding speel, kan eers na behore besef word as die nodige verhoudinge uitgewerk word. By die drie groepe waar oortreding 087, (die wet op rybewyse) 'n eerste plek inneem, dra dit vanaf 8.4% tot 15.2% tot Alle Jeugmisdaad by. Volgens die Kodelys word hierdie oortreding as "ernstig" beskou. Bring ons die omvang daarvan in verband met die totale Ernstige Jeugmisdaad, word gevind dat dit by 7-16 jaar seuns 41.8% van Alle Ernstige Jeugmisdaad vorm, by dogters van hierdie ouderdom 66.7% en by die 17-20 jaar dogters 73.4%. Die grootste gedeelte van Ernstige Jeugmisdaad by Blankedogters kan gewyt word aan die oortreding 087. By die seuns 7-16 jaar speel slegs 2 oortredinge i.v.m. motorvoertuie, 'n rol van ± 50% van alle Ernstige Jeugmisdaad. Hierdie twee oortredinge, Diefstal en Bestuur van Motors Sonder Rybewys, hou moontlik ook verband met mekaar.

(b) Die kategorie wat die tweede algemeenste voorgekom het, is Ekonomiese Misdrywe. By hierdie groep is die oortreding 332, of Diefstal ten bedrae onder £50, verreweg die algemeenste want dit kom elke keer voor waar Ekonomiese Misdrywe voorkom. Opvallend is die groot bydrae by Jeugdige Kleurlingdogters, nl. 37.5% van Alle Jeugmisdaad.

(c) By Agressiewe Misdrywe is die vernaamste oortreding behalwe in twee plekke, Gewone Aanranding (oortreding 240), dog nêrens is die persentasie bydrae tot Alle Jeugmisdaad baie hoog nie. Belangrik is dit om te wys op die twee reedsgenoemde uitsonderinge nl. by Kleurlingseuns in albei ouderdomsgroepe by wie Agressiewe Misdade die meeste voorkom:

Ernstige Aanranding (oortreding 241) i.p.v. Nie-Ernstige Aanranding kom meer by hulle as by die ander rasse voor. By die 17-20 jaar groep is hierdie enkele oortreding verantwoordelik vir 33.7% van al die Ernstige Jeugmisdaad van hierdie groep. Die meer ernstige of „kwaadaardige" aard van Kleurling-jeugmisdaad, spreek ook uit die feit dat in al die gevalle van Kwaaddoenery by ander rasse die algemeenste oortreding „Wederregtelike Indringing" is, dog by die Kleurling is dit Brandstigting. Dit skyn asof Agressiwiteit sterker by die Kleurling na vore kom. Dit is 'n veld wat verdere ondersoek sou regverdig.

(d) Die hoogste persentasie wat 'n enkele misdaadgroep van die totaal van Alle Jeugmisdaad bereik, is 40% en dit is die oortreding van Verkeersreëls en die Motorvoertuigordonnansies by Blanke seuns 17-20 jr.

6. Die rol van sekere Naturelle-wetgewing op die misdaad-insidensie van die Naturel.

Waar sekere groepe van misdade afgesonder word is dit noodsaaklik om in te gaan op wetgewing wat bepaald te doen het met die beheer en reëling van Naturellegedrag ten einde vas te stel wat die invloed is van die oortreding van hierdie wetgewing op die Naturelle-misdaadsyfer.

Vir hierdie doel is gegewens uitgehaal uit die misdaadtabelle vir misdade in die Kodelys onder die opskrif: „Oortredings betreffende in die besonder Naturelle-drag, regulasies, toesig en beheer". Onder hierdie groep val die groep oortredinge tussen No. 160 tot 172 d.w.s. 13 verskillende oortredinge.

Vir die jaar 1954 was die oortredinge onder hierdie groep as volg:

Tabel 52

Veroordelings weens oortredinge van Naturelle-wetgewing volgens geslag vir Jeugdiges en Jeugdige Volwassenes vir die jaar 1954.

| | 7-16 jr. | 17-20 jr. |
|---|---|---|
| Manlik | 1329 | 23,786 |
| Vroulik | 236 | 4,270 |

Word hierdie gegewens in verband gebring met die totale misdaadsyfer van Naturelle, word gemerk dat bogenoemde oortredings by die Jeugdige manlike Naturelle verantwoordelik is vir 8% van Alle Jeugmisdaad by hierdie groep; by die vroulike Jeugdiges is dit 9.6%; by vroulike Jeugdige Volwassenes 26.4% en by manlike Jeugdige Volwasse Naturelle kom dit op 33.4% te staan. Dit wil sê ⅓ van alle oortredinge deur Naturelle begaan in hierdie ouderdomsgroep, word gepleeg grotendeels omdat die Naturel geïntegreer is in 'n Blanke maatskappy met wetgewing wat vir die Naturel nie kultureel en tradisioneel verankerd is nie.

Die rol van spesifieke oortredinge in hierdie groep.

Opvallend is dit dat die hoogste misdaadsyfer vir 'n enkele misdaad by die vroulike groep kom as gevolg van die oortreding van Aandklokregulasies. So bv. vorm hierdie oortreding by die vroulike groep 17-20 jr., 54.8% van die totale oortredings van die groep misdade onder bespreking.

By die manlike groep is dit egter oortreding 164 of „Registrasie en Voorlegging van Dokumente deur Naturelle" wat die meeste voorkom. Die Jeugdiges het 500 veroordelings en die Jeugdige Volwassenes het 8178 veroordelings. Word dit as 'n persentasie uitgedruk, kom dit vir die Jeugdiges te staan op 37.6% en vir die Jeugdige Volwassenes

op 34.4% van alle veroordelings kragtens die Naturelle-wetgewing onder bespreking.

By die manlike Jeugdige Volwasse Naturelle vorm hierdie enkele oortreding (164) 11.5% van alle misdaad van hierdie groep.

Die hoofoorsaak van hierdie groot aantal oortredings lê, soos reeds op gewys, in die vreemdheid en onbekendheid van die Naturel in die Blanke kultuur. Die gevolg en gevaar van hierdie groot aantal oortredings lê op die invloed wat die gevangenisstraf op die Naturel het. Die oortreding van die wetgewing onder bespreking is streng sosiologies gesproke nie „misdadig" nie dog nadat gevangenisstraf uitgedien en kontak met werklike misdadigers gemaak is, is hierdie Naturel geestelik voorberei om 'n misdadige loopbaan te begin.

# H O O F S T U K VII.

## SAMEVATTING.

1. Wat Blanke jeugmisdaad betref, is daar na die Tweede Wêreld-oorlog 'n geleidelike styging en alhoewel die Jeugdige groep nog nie die hoogste vooroorlogse peil bereik het nie, het die Jeugdige Volwasse groepe reeds die hoogste vooroorlogse kerf bereik en ook verbygesteek.

2. Word jeugmisdaad op 'n rasbasis vergelyk, word opgemerk dat die Kleurlinge die grootste misdaad-insidensie vertoon by sowel Ernstige Jeugmisdaad as Alle Jeugmisdaad vir albei ouderdomsgroepe.

3. Die laagste misdaad-insidensie vir Alle Jeugmisdaad word aangetref by Blankes by albei ouderdomsgroepe. By Ernstige Jeugmisdaad vertoon die Asiate Jeugdiges en Jeugdige Volwassenes die laagste insidensie.

4. Word die Oortreding van Rybewyswetgewing (oortreding 087) volgens die Kodelys) egter van die ander Ernstige misdaad by al vier rasse afgesonder, blyk dit dat die misdaad-insidensie, ook by Ernstige Jeugmisdaad, feitlik deurgaans by die Blankes die laagste is.

5. Wat betref oortreding 087, speel hierdie oortreding, wat deur die gereg as „ernstig" beskou word (sosiologies kan dit nie gesteun word nie) 'n rol van 40% tot 50% van Ernstige Jeugmisdaad by Blanke Jeugdiges.

6. Die verhouding Ernstige Jeugmisdaad tot Nie-Ernstige Jeugmisdaad skyn by die Blanke Jeugdiges die ongunstigste te wees van alle rasse m.a.w. 'n groter persentasie van die Blankes se totale misdaad-insidensie is ernstig van aard. Weereens kan hierdie ongunstige verskynsel aan die adres van oortreding 087 gebring word. Word 087 afgesonder, daal die bydrae wat ernstige misdaad tot die totaal by Blankes lewer, tot die tweede laagste van al vier rasse.

7. By al vier rasse, vir sowel Ernstige Jeugmisdaad as Alle

Jeugmisdaad het die Jeugdige Volwasse groep 'n baie groter deelname aan jeugmisdaad as die Jeugdige groep.

8. Word die misdaadomvang op 'n geslagsbasis vergelyk, is dit opvallend dat die vroulike groep se deelname aan jeugmisdaad, sover dit hierdie ondersoek aangaan, minimaal van aard is. By die Jeugdige groep vertoon die Blankedogters baie gunstig, terwyl die Kleurlinge se vroulike groep in 'n manlik-vroulike vergelyking die swakste van alle rasse vertoon. By die Jeugdige Volwasse groep lê die syfers vir die vroulike groep vir Ernstige Jeugmisdaad by die Kleurlinge en Naturelle die naaste aan die manlike groep terwyl die Blankedogters met die Kleurlingdogters plek omruil by Alle Jeugmisdaad. Hierdie geringer kriminaliteit van die dogter in vergelyking met die seun, kan egter ten minste gedeeltelik aan faktore anders as aan 'n inherente hoë moraliteit toegeskryf word.

9. Wat betref die styging in jeugmisdaad sedert 1945 blyk dit dat by Jeugdiges die snelste styging in Ernstige Misdaad by die Blankes voorgekom het, terwyl die hoogste styging in Alle Misdaad by Kleurling-jeugdiges aangetref word. By die Jeugdige Volwassenes word die snelste styging sedert 1945 in sowel Ernstige Jeugmisdaad as Alle Jeugmisdaad by die Blankes aangetref. Twee faktore moet hier in aanmerking geneem word nl. die rol wat die snelle styging in die oortreding van Rybewyswetgewing by Blankes gespeel het asook die moontlikheid dat, van alle rasse, die Blanke jeugdige die meeste deur die Tweede Wêreldoorlog ontwrig is.

10. By die Blankes vind ons die vinnigste styging by die Jeugdige groep in Ernstige Misdaad. By Naturelle egter styg die Jeugdige Volwassenes se misdaad deurgaans die vinnigste terwyl die Jeugdige Kleurlinge en Asiate die meeste skuldig is aan Nie-Ernstige Misdaad.

11. Word die persentasie styging op 'n geslagbasis vir al vier rasse vergelyk, is dit opvallend dat die vroulike groep by die Jeugdiges slegs by die Blankes vinniger styg as die manlike groep, terwyl daar by die nie-blanke rasse deurgaans 'n laer styging by die vroulike as by die manlike groep gevind word.

By die Jeugdige Volwasse groep is dit weereens by die Blankes dat die vroulike groep 'n noemenswaardige hoër persentasie styging toon as die manlike groep. By al die ander groepe is die persentasie styging in misdaad by die vroulikes laer as by die manlikes behalwe by die Asiate wat ooreenstem met die Blankes.

12. 'n Ontleding van gegewens oor Blanke Jeugmisdaad vir ouderdomme in enkel jare, bring slegs aan die lig dat die misdaadomvang styg, alhoewel nie reëlmatig nie, namate die ouderdomme styg. Wat die styging in dié verband betref, skyn dit asof die hoogste styging in Ernstige Misdaad voorkom by die jeugdiger ouderdomsgroepe by seuns sowel as dogters. By Alle Jeugmisdaad kom die hoogste styging by dogters ook voor by die jonger ouderdomsgroepe terwyl dit gelydelik verminder namate die ouderdom styg. By Alle Jeugmisdaad word by die seuns egter die teenoorgestelde aangetref want die persentasie styging is steeds hoër namate die ouderdom styg.

13. As sekere misdaadgroepe afsonderlik nagespeur word, is dit opvallend dat die oortreding van Motorvoertuigordonnansies by Blankes by albei die ouderdomsgroepe en beide geslagte die hoogste bydrae lewer tot die totaal van hulle misdaad van al die misdaadgroepe wat afgesonder is.

14. By die nie-blanke rasse met hulle laer ekonomiese peil, speel Ekonomiese Misdrywe 'n baie groot rol. In die skema wat opgestel is, is daar 12 eerste plekke (.d.w.s. misdaadgroepe wat die grootste bydrae gelewer het tot die totale) by die nie-blanke groep. Hiervan is Ekonomiese Misdrywe 9 keer die groep misdrywe wat die grootste bydrae lewer tot die totale. Die mees

voorkomende enkele misdaad onder die ekonomiese misdade is die Geringer Diefstalle van minder as £50.

15. Opvallend ook is die groot rol wat Agressiewe Misdrywe speel by die nie-blankes. Die enkele misdaad in die groep wat by die Kleurling manlikes voorkom, is Ernstige Aanranding. Agressiewe Misdade kom nooit by die Blankes voor as die ernstigste of tweede belangrikste groep nie.

16. Die rol wat oortredings van wetgewing op Naturelle gedrag speel, is opvallend. Hierdie oortredings was in 1954 verantwoordelik vir $\frac{1}{3}$ van Alle Misdaad by Jeugdige Volwasse Naturelle. 'n Enkele oortreding nl. no. 164 dra 11.5% van Alle Jeugmisdaad by Jeugdige Volwassenes by.

BLANKE JEUGMISDAAD IN SUID-AFRIKA SOOS DIT VERGELYK MET BUITELANDSE GEGEWENS.

Internasionale vergelyking van jeugmisdaad uit die gegewens van die misdaadstatistiek, is nie altyd moontlik nie en wel om die volgende redes:-

1. Die norm of metode waarvolgens misdade ingedeel word, bv. in Ernstige en Nie-ernstige misdade, verskil van land tot land en 'n direkte vergelyking tussen twee lande is dus nie altyd moontlik nie.

2. Tweedens word sodanige vergelyking ook bemoeilik deur die verskil in ouderdomsindeling waarvolgens die misdaad- en bevolkingssyfers by die verskillende lande ingedeel word.

3. In die verslae van sommige lande oor die kriminele statistiek, word die misdaadsyfer nie in 'n verhouding tot die bevolkingsyfer uitgedruk nie. Sodoende is 'n vergelyking op internasionale basis dus nutteloos.

4. Die verskil in wetgewing, toepassing daarvan en die verskil in hofstelsels by die verskillende lande is 'n verdere faktor wat regstreekse vergelyking van die misdaadsyfers van verskillende lande bemoeilik.

5. Laastens moet nog gewys word op die rol wat die opspoor van misdadigers hier speel. In Engeland en Wallis is in 1953 47% van die oortreders van „Indictable Offences" aan die man gebring. Hierteenoor is 83.6% van die Ernstige Misdade in die Unie in 1953 suksesvol ondersoek. (Daar moet op gewys word dat „Indictable Offences" in Engeland nie presies dieselfde is as Ernstige Misdaad in die Unie van Suid-Afrika nie. Aanranding van Polisie, Aanhou van Bordeel en Mishandeling van Kinders is bv. Ernstige Misdade in die Unie terwyl dit in Engeland as „Non-indictable Offences" beskou word) (Vgl. ook Van der Walt, P.J.: „'n Uiteensetting van die Grondslae van die Misdaad-sosiologie met besondere aandag aan die Suid-Afrikaanse Misdaad-

statistiek en die Sosiologiese Klassifikasie van Misdaad", proefskrif, U.P., 1954, p. 198-199. Home Office: Criminal Statistics, England and Wales 1954, p. (viii).

Omdat die omvang van jeugmisdaad by verskillende lande nie sonder meer met veiligheid vergelyk kan word nie, is in hierdie studie slegs 'n breë vergelyking van tendense gemaak soos blyk uit die volgende tabel.

TABEL 52*

Die Persentasie Styging van Misdaad by Jeugdiges met die Omvang van 1947 as Basis, vir die Jare 1947-1952 vir drie verskillende Lande.

| Jaartal | V.S.A (3) | | Unie van Suid-Afrika (4) | | Kanada (5) |
|---|---|---|---|---|---|
| | Misdaad-insidensie per 10,000 van bevolkingsgroep. (10-17 jr) | Persentasie met 1947 as basis (1947 = 100) | Misdaad-insidensie by Blankes per 10,000 van bevolkingsgroep (7-17 jr) | Persentasie met 1947 as Basis (1947 = 100) | Persentasie met 1947 as basis (6) (1947 = 100) (7-16 jr) |
| 1947 | 29.1 | 100 | 44.6 | 100 | 100 |
| 1948 | 28.6 | 98.3 | 47.1 | 105.6 | 94.3 |
| 1949 | 30.2 | 103.8 | 46.2 | 103.6 | 90.0 |
| 1950 | 31.8 | 109.3 | 51.4 | 115.2 | 90.0 |
| 1951 | 33.2 | 114.1 | 55.4 | 124.2 | 95.7 |
| 1952 | 35.6 | 122.3 | 56.8 | 127.4 | 88.6 |

* Groepe met presies dieselfde ouderdomsindeling was nie beskikbaar nie.

(3) Reckless, Walter C: The Crime Problem, Appleton Century Crofts Inc. N.Y., p. 232.

(4) Gegewens verkry van Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria.

(5) Juvenile Delinquents, 1952, "Government of Canada, p. 54".

(6) Vir Kanada was die misdaadsyfer in verhouding tot die bevolkingsyfer nie beskikbaar nie. Die gegewens wat gebruik is, het ook slegs betrekking op drie groepe misdade nl. „Misdaad teen die persoon", „Misdaad teen die eiendom sonder geweld", en „Misdaad teen die eiendom met geweld".

Die volgende afleidings kan uit bogenoemde tabel gemaak word:

1. Die jeugmisdaad in die V.S.A., sowel as hier te lande, toon 'n styging van 1947 af tot 1952. Aan die ander kant vertoon die jeugmisdaadsyfer in Kanada 'n daling tussen die jare 1947 en 1952.

2. Alhoewel die syfer vir jeugmisdaad in Kanada nie in verband gebring is met die bevolkingsyfer nie, kan die daling in jeugmisdaad nie aan bevolkingsafname toegeskryf word nie want oor dieselfde tydperk styg laasgenoemde syfer van 1947 wat as 100 gestel is, tot ongeveer 117 in 1952. (5)

3. Die grootste styging van jeugmisdaad in hierdie tydperk is in 1952 en kom by die Unie van Suid-Afrika voor en wel tot 127.4% teenoor die V.S.A. met 122.3% op die basis van 1947.

4. Behalwe vir 1949, toe die persentasie styging by die V.S.A. en die Unie byna dieselfde was, is die styging by lg. elke jaar van 5 tot 10% op 1947, hoër as wat dit in die V.S.A. is.

Teneinde die jeugmisdaadtendens in die Unie met die in Engeland en Wallis te vergelyk, is gegewens uit aanhangsel 2, p. 38 van die verslag „Home Office: Criminal Statistics for 1954" in Figuur 33 grafies voorgestel. Vir die Unie is die gegewens vir die grafiese voorstelling verkry uit Tabel 19a. (Weereens moet daarop gewys word dat hierdie twee grafiese voorstellinge slegs die tendens en nie die omvang van misdaad vergelyk nie).

(5) Juvenile Delinquents, 1952, Government of Canada, p. 54.

Uit bg. figuur blyk dit dat die tendens van die twee groepe jeugmisdaad vir die twee afsonderlike lande wel van mekaar verskil. Die grafiek wat Ernstige Misdaad in Suid-Afrika voorstel, styg steeds en toon slegs na 1953 'n klein daling. Hierteenoor vertoon die kurwe vir „Indictable Offences" in Engeland en Wallis meer skommelinge en daal dit in 1954 tot 'n laer peil as waarop dit in 1946 gestaan het. Op die totaal het dit sedert 1947 baie min verander in vergelyking met S.A.

Samevatting:

Uit gegewens hier aangehaal, blyk dit dat jeugmisdaad in Suid-Afrika 'n sneller styging toon as in die Verenigde State van Amerika, Kanada en Engeland.


FIGUUR 1.
DIE OMVANG VAN MISDAAD BY BLANKE JEUGDIGES (7-16 JR.) VIR DIE JARE 1923-1954 UITGEDRUK PER 10,000 VAN BEVOLKING.
Per 10,000
65
60
55
50
45
40
35
30
25
20
15
10
5


FIGUUR 2
DIE OMVANG VAN MISDAAD BY BLANKE JEUGDIGE VOLWASSENES, 17-20 JR., VIR DIE JARE 1938-1954 UITGEDRUK PER 10,000 VAN DIE BEVOLKING.
Omvang per 10,000
600
580
560
540
520
500
480
460
440
420
400
380
360
340
320
300
280
260
240
220
1938
39
40
41
42
43
44
45
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare


F I G U U R 5
ERNSTIGE MISDAAD BY JEUGDIGES VOLGENS RAS VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
A Kleurlinge
B Naturelle
C Asiate
D Blankes
A
B
C
D
46 47 48 49 50 51 52 53 54 Jare


F I G U U R 4
ALLE MISDAAD VIR JEUGDIGE VOLWASSENES VOLGENS RAS VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
1740 1680 1620 1560 1500 1440 1380 1320 1260 1200 1140 1080 1020 960 900 840 780 720 660 600 540 480 420 360 300 240 180 120 60
A Kleurlinge
B Naturelle
C Asiate
D Blankes
A
B
C
D
1945 46 47 48 49 50 51 52 53 54 Jare


F I G U U R 3
ALLE MISDAAD VIR JEUGDIGES (7-16 JR.) VOLGENS RAS VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
210 200 190 180 170 160 150 140 130 120 110 100 90 80 70 60 50 40 30 20 10
A Kleurlinge
B Naturelle
C Blankes
D Asiate
A
B
C
D
1945 46 47 48 49 50 51 52 53 54 Jare


Omvang per 10,000
F I G U U R 10
ERNSTIGE MISDAAD UITGESONDER OORTREDING 087 VIR JEUGDIGES VIR AL VIER RASSE 1945-1954.
A Blankes Ernstige jeugmisdaad minus 087
B Naturelle " " " "
C Kleurlinge " " " "
D Asiate " " " "
E Blankes Ernstige jeugmisdaad
F Naturelle " "
G Kleurlinge " "
H Asiate " "
Jare


Omvang per 10,000
F I G U U R 9
ERNSTIGE MISDAAD UITGESONDERD OORTREDING 087 VIR JEUGDIGE VOLWASSENES VIR AL VIER RASSE VIR DIE JARE 1945-1954.
A Blankes Ernstige Jeugmisdaad uitgesonderd 087
B Naturelle " " " "
C Kleurlinge " " " "
D Asiate " " " "
E Blankes Ernstige Jeugmisdaad
F Naturelle " "
G Kleurlinge " "
H Asiate " "
Jare


Omvang per 10,000
F I G U U R 6
ERNSTIGE MISDAAD BY JEUGDIGE VOLWASSENES VOLGENS RAS VIR DIE JARE 1945-1954.
A Kleurlinge
B Naturelle
C Asiate
D Blankes
Jare


F I G U U R 12 a
ERNSTIGE JEUGMISDAAD BY NATURELLE VOLGENS OUDERDOM VIR DIE JARE 1945-1954.
A Jeugdige Volwassenes (17-20 jr.)
B Jeugdiges (7-16 jr.)
A
B
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare


F I G U U R 11 b
ALLE JEUGMISDAAD BY BLANKES VOLGENS OUDERDOM VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
A Jeugdige Volwassenes (17-20 jr.)
B Jeugdiges (7-16 jr.)
A
B
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare


F I G U U R 11 a
ERNSTIGE JEUGMISDAAD VIR BLANKES VOLGENS OUDERDOM VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
A Jeugdige Volwassenes (17-20 jr.)
B Jeugdiges (7-16 jr.)
A
B
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare


F I G U U R 11 b
ALLE JEUGMISDAAD BY KLEURLINGE VOLGENS OUDERDOM VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
A Jeugdige Volwassenes (17-20 jr)
B Jeugdiges (7-16 jr.)
Jare


F I G U U R 11 a
ERNSTIGE JEUGMISDAAD VIR KLEURLINGE VOLGENS OUDERDOM VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
A Jeugdige Volwassenes (17-20 jr.)
B Jeugdiges (7-16 jr.)
Jare


F I G U U R 12 b
ALLE JEUGMISDAAD BY NATURELLE VOLGENS OUDERDOM VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
Jare


FIGUUR 14a
VIR DIE JARE 1945-1954.
A Jeugdige Volwassenes (17-20 jr.)
B Jeugdiges (7-16 jr.)
Omvang per 10,000
120
110
100
90
80
70
60
50
40
30
20
10
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare
A
B


FIGUUR 14b
ALLE JEUGMISDAAD BY ASIATE VOLGENS OUDERDOM VIR DIE JARE 1945-1954.
A Jeugdige Volwassenes (17-20 jr.)
B Jeugdiges (7-16 jr.)
Omvang per 10,000
780
750
720
690
660
630
600
570
540
510
480
450
420
390
360
330
300
270
240
210
180
150
120
90
60
30
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare
A
B


Omvang per 10,000
FIGUUR 15
PERSENTASIE STYGING VAN ALLE MISDAAD BY JEUGDIGES VIR DIE JARE 1945-1954.
A Blankes
B Kleurlinge
C Naturelle
D Asiate
200
175
150
125
100
90
80
1945
46
47
48
49
50
53
54
Jare
A
B
C
D


FIGUUR 16
Omvang per 10,000
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE MISDAAD BY JEUGDIGES VIR DIE JARE 1945-1954.
A Blankes
B Naturelle
C Kleurlinge
D Asiate
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
70
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare
A
B
C
D


FIGUUR 17
Omvang per 10,000
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE MISDAAD, 087 UITGESLUIT BY JEUGDIGES VIR DIE JARE 1945-1954.
A Blankes
B Naturelle
C Kleurlinge
D Asiate
E Oortreding 087, Blankes
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare
E
A
C
B
D


FIGUUR 18
Omvang per 10,000
PERSENTASIE STYGING VAN ALLE MISDAAD BY JEUGDIGE VOLWASSENES VIR DIE JARE 1945-1954.
A Blankes
B Naturelle
C Kleurlinge
D Asiate
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare
A
B
C
D


FIGUUR 19
Omvang per 10,000
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE MISDAAD BY JEUGDIGE VOLWASSENES VIR DIE JARE 1945-1954.
A Blankes
B Kleurlinge
C Naturelle
D Asiate
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
70
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare
B
A
C
D


Omvang per 10,000
FIGUUR 20
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE MISDAAD BY JEUGDIGE VOLWASSENES VIR DIE JARE 1945-1954.
A Blankes
B Kleurlinge
C Naturelle
D Asiate
E Oortreding 087, Blankes
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
70
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare


1080
1040
1000
960
920
880
840
800
760
720
680
640
600
560
520
480
440
400
360
320
280
240
200
160
120
80
40


160
155
150
145
140
135
130
125
120
115
110
105
100
95
90
85
80
75
70
65
60
55
50
45
40
35
30
25
20
15
10
5

FIGUUR 25

PERSENTASIE STYGING VAN ALLE JEUGMISDAAD BY BLANKE SEUNS EN DOGTERS VIR DIE JARE 1945-1954.




FIGUUR 26

PERSENTASIE STYGING VAN ALLE JEUGMISDAAD BY BLANKE SEUNS, 1945-1954.




FIGUUR 27

PERSENTASIE STYGING VAN ALLE JEUGMISDAAD BY BLANKE DOGTERS VIR DIE JARE 1945-1954.




Omvang per 10,000
F I G U U R 28
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE JEUGMISDAAD BY BLANKES, 7-20 JR. VANAF 1945-1954.
A Onder 15 jr.
B 15 jr.
C 16 jr.
D 17 jr.
E 18 jr.
F 19 jr.
G 20 jr.
250
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
70
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54 Jare


Omvang per 10,000
F I G U U R 29
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE JEUGMISDAAD BY BLANKE SEUNS, 7 - 20 JR. VIR DIE JARE 1945-1954.
A Onder 15 jr.
B 15 jr.
C 16 jr.
D 17 jr.
E 18 jr.
F 19 jr.
G 20 jr.
250
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
70
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54 Jare


F I G U U R
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE JEUGMISDAAD BY BLANKE DOGTERS VIR DIE JARE 1945-1954.
Onder 15 jr.
Omvang per 10,000
Jare


F I G U U R 31
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE EN ALLE JEUGMISDAAD VIR JEUGDIGES EN JEUGDIGE VOLWASSENES VIR DIE JARE 1945-1954.
Omvang per 10,000
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
70
A 7-16 jr. Ernstige Jeugmisdaad
B 7-16 jr. Alle Jeugmisdaad
C 17-20 jr. Alle Jeugmisdaad
D 17-20 jr. Ernstige Jeugmisdaad
A
B
C
D
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare


Omvang per 10,000
F I G U U R 32
PERSENTASIE STYGING VAN ERNSTIGE MISDAAD BY BLANKES, JEUGDIGES EN JEUGDIGE VOLWASSENES, VOLGENS GESLAG VIR DIE JARE 1945-1954.
300
200
190
180
170
160
150
140
130
120
110
100
90
80
70
60
A Seuns 7-16 jr.
B Dogters 7-16 jr.
C Seuns 17-20 jr.
D Dogters 17-20 jr.
D
B
A
C
1945
46
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare


F I G U U R 33
'N VERGELYKING VAN DIE TENDENS VAN ERNSTIGE MISDAAD IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA MET „INDICTABLE OFFENCES" IN ENGELAND EN WALLIS BY JEUGDIGE VOLWASSE SEUNS (17-20 JR.) VIR DIE JARE 1946-1954.
Omvang per 10,000
A(1)
B(2)
A Die tendens van Ernstige Misdaad by Blanke Jeugdige Volwasse seuns in die Unie van Suid-Afrika vir die jare 1946-1954.
B Die tendens van „Indictable Offences" by Jeugdige Volwasse seuns in Engeland en Wallis vir die jare 1946-1954.
(1) Gegewens verkry van Tabel 19 a
(2) Gegewens verkry uit: „Home Office: Criminal Statistics for 1954", H.M.S.O. p. 38.
1946
47
48
49
50
51
52
53
54
Jare

R G N BIBLIOTEEK | H S R C LIBRARY